

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-04-08

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 202

(Bladsye 10 538 - 10 604)

HOF HERVAT OP 8 APRIL 1987.

TSIETSI DAVID MPHUTHI, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : U Edele, al die beskuldigdes is in die hof.

Mnr. Mphuthi, jy het vir die Hof vertel dat Esau Radit-sela het jou genader in Desember 1983? -- Dit is so, ja.

En dit is met die doel dat daar vir Gebied 7 'n gebieds-komitee gestig moet word? -- Ja.

Het hy dan vir jou vertel dat hierdie Gebied 7 gebieds-komitee sal deel wees van die VCA? -- Nee, hy het dit nie(10) vir my so gesê nie.

Het hy vir jou gesê dat hierdie Gebied 7 se gebieds-komitee wat hulle wil stig sal die mense moet organiseer en mobiliseer? -- Ek is nie met u nie. Ek verstaan nie wat u bedoel met organisering en mobilisering nie.

Hulle sal die mense toe moet gaan en vir hulle vertel dat hulle moet so 'n komitee stig, dit sal wees om teen die Raad op te tree? -- Nee, dit is nie wat ek van weet nie.

Wat moet hulle dan doen? Sommer net vir die grap die komitee gestig het? -- Dit was 'n komitee gewees wat aan die(20) mense se probleme aandag sou gegee het en nie om mense te mobiliseer en te beïnvloed nie.

Moes julle nie huisvergaderings gaan hou daarso onder die mense nie? Het hy nie vir julle so gesê nie? -- Dit sou gebeur het na die stigting van die komitee.

Sou julle huisvergaderings gehou het? -- Dit is so.

Vir watter doel moes julle met die mense huisvergaderings gaan hou by hulle huise? -- Ons sou die mense se probleme in die woonbuurt bespreek het in die vergaderings.

By hulle huise? -- Nie by die verskillende mense se (30)

huise/...

huise nie, by die vergaderplek waar ons vergaderings sou gehou het.

Ons praat nou van huisvergaderings by mense in die gebied?  
-- Nee, dit weet ek nie van nie.

Het julle nooit sulke huisvergaderings gehou nie? --  
Nee, ons het nie.

Is die waarheid van die ding nie dat julle het 'n werkskomitee gestig nog voordat die komitee gekies was op 19 Februarie nie? -- Die komitee wat gekies was, was 19 Februarie.

Luister na my vraag. Het julle nie 'n werkskomitee (10) gestig voor die stigting van daardie gebiedskomitee op 19 Februarie nie? -- Nee.

Het hierdie werkskomitee nie bestaan uit twaalf lede uit nie? -- Nee, ek kan my dit nie voorstel nie. Ek dra geen kennis van so 'n komitee met twaalf lede nie.

Hoekom het Esau Raditsela jou kom werf om deel te hê aan die aktiwiteite van Gebied 7 se komitee? -- Hy het my meegedeel met die stigting van die VCA en wat die doen en late gaan wees van VCA.

Maar hoekom nou spesifiek vir jou uitgesoek? Is dit (20) om jou politieke gevoelens en aktiwiteite? -- Wat my betref het hy my genader omdat ek 'n inwoner was van Gebied 7. Dieselfde vraag sou gevra word indien hy 'n ander persoon ook genader het wat 'n inwoner daar was.

Maar jy was 'n persoon wat nie vertrouwe gehad het in die raadstelsel en in die raadslede nie? -- Dit is so.

En jy het dit seker bespreek met beskuldigde nr. 17 en ander mense? -- Ek kan nie onthou dat ons mekaar daar raakgeloop het iewers en dit bespreek het nie.

En jou gevoelens was bekend gewees. Dit is daarom (30)

dat/...

dat Esau na jou toe gekom het omdat jy 'n simpatiseerder was teen die Raad? -- Nee, ek het nog nie vantevore 'n vergadering gehad met die gemeenskap daar om vir hulle te laat weet wat my gevoel was aangaande die werk nie.

Ek het nie gepraat van 'n vergadering nie. Ek het gesê jy het seker jou gevoelens gelug wanneer jy in gesprekke gekom het met mense en ook teenoor beskuldigde nr. 17? -- Miskien, maar ek kan nie onthou nie.

Jou gevoelens was seker nie 'n geheim gewees nie? -- Dit was my eie gevoelens gewees en nie die gemeenskap se (10) gevoelens nie. Dit is hoe ek dit beskou het.

Maar dit was nie 'n geheim nie? Jy het daarvoor gepraat? -- Miskien kan dit wees dat ek gepraat het, maar ek kan nie onthou nie.

Edith was die verteenwoordiger vir Gebied 7 op VCA se uitvoerende bestuur? -- Ja, sy was 'n verteenwoordiger van Gebied 7 by VCA.

En Esau Raditsela was op die bestuur as vise-voorsitter van VCA? -- Ja, hy is 'n vise-voorsitter.

En hy kom en hy werf jou vir 'n gebiedskomitee van (20) Gebied 7? -- As daar nou 'n stigting was van 'n komitee en ek word nou gekies om by daardie komitee te dien, dan is dit so.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel daar was eintlik 'n baie noue samewerking in die algemeen met die bestuur van VCA en met hierdie mense wat op die gebiedskomitee van Gebied 7 lateraan verkies is wat voorheen die werkskomitee gevorm het? -- Nee, dit weet ek nie van nie.

Daar was noue samewerking gewees sodat Esau jou self kom werf het? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek hoor dit van u.

Ek wil jou verwys na BEWYSSTUK O3. Dit is 'n verslag (30)

van/...

van VCA aan die Algemene Raad van die Transvaal streek van die UDF. Paragraaf 2 daarvan lees, dit is h verslag van die Vaal Civic Association gedateer 14/1/84. Dit is geteken deur Lord McCamel en is bedoel vir die raadsvergadering van 14 Januarie 1984. "Zone 7 Sebokeng. A working committee has been formed and is very busy in house meetings and will arrange a meeting where the area committee will be elected. There is real interest in this area. The committee has twelve members." Daar was dan h werkskomitee gewees en is jy verkeerd as jy sê daar was nie een nie? -- Wie het (10) hierdie verslag gedoen?

McCamel, daar staan dit, die Vaal Civic Association?  
-- Nee, ek dra geen kennis van hierdie verslag nie.

Dit is nie of jy kennis dra van die verslag nie. Dit is die feit daarvan. Die Vaal Civic Association waarop Edith verteenwoordig is, waarop Esau Raditsela die vise-president is, het hierdie verslag gedoen en wat jou gewerf het. Dit sê daar was h werkskomitee gewees en jy is dus verkeerd? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het jy nie gereeld vergaderings bygewoon waar julle(20) besprekings gevoer het en beplanning gedoen het van die vergadering van die 19de en dat dieselfde klomp mense altyd hierdie vergaderings gehou het nie? -- Nee, toe ons daar bymekaar gekom het in voorbereiding vir die vergadering wat op die 19de gehou sou geword het, was ons net daar bymekaar as persone en nie as lede van enige komitee wat bymekaar gekom het daar nie.

Op hierdie vergaderings, was Edith nie die voorsitter daar nie? -- Nee.

Hierdie vergaderings wat so gehou is voor 19 Februarie(30)

by/...

by wie se huis het dit plaasgevind? -- By Edith se woning.

So, dit is gereeld by haar woning gehou? -- As u sê gewoonlik, dan beteken dit dat daar gereeld vergaderings gehou was by Edith se woning en dit is nie so nie. Daar was wel vergaderings gehou in voorbereiding vir hierdie vergadering van die 19de.

Waar? Jy het netnou vir ons gesê die vergaderings het plaasgevind by Edith se huis. Nou waar nou? -- Ja, ek sê so. Nee, u verstaan my nie. Ek sê die vergaderings was wel by Edith se woning gehou, maar u stelling skep die indruk(10) dat daar baie vergaderings gehou was by Edith se woning voor die dag van die 19de. Dit is wat ek sê is nie korrek nie.

Sê vir ons hoeveel vergaderings het julle gehou voor die 19de by Edith se huis? -- Omtrent drie.

Het julle nie elke Saterdag vergader daar nie? -- Die drie wat ek van praat was op 'n Saterdag gehou, dit wil sê verskillende Saterdag.

Van watter maand was dit? -- Die einde van Januarie en begin Februarie. (20)

En in die middel van Januarie? -- Ons het die komitee gestig.

Ekskuus? Watter komitee het julle in die middel van Januarie gestig? -- Nee, die komitee was in die middel van Februarie gestig.

Ek het vir jou gevra van 'n vergadering in middel Januarie en toe sê jy dit is toe die komitee gestig is. Is dit toe die werkskomitee gestig is? -- Nee, ek het nie die vraag goed verstaan daar nie.

Wat van vergaderings in Januarie, middel Januarie, (30)

begin/...

begin Januarie, eintlik van einde Desember af? -- Ons het aan die begin van Januariemaand vir die eerste keer vergader, dit wil sê die eerste vergadering was in daardie tyd gehou.

Waar? -- By Raditsela se woning.

As ek jou getuienis reg verstaan het was dit einde van Desember wat julle by Raditsela se huis bymekaar gekom het en wat hy laat was en wat julle vir hom daar gesit en wag het? -- U het my nie mooi gehoor nie. Die einde Desember is die tyd wat Raditsela by my woning was waar hy 'n gesprek met my uitgevoer het. (10)

Was daardie eerste vergadering by Raditsela se huis, hoe lank na Nuwejaar was dit?-- Ek sal nie weet hoeveel dae dit na Nuwejaar was wat ons die vergadering by hom bygewoon het nie, maar al wat ek kan sê is, die eerste Saterdag na Nuwejaar het ons die vergadering by hom gaan bywoon.

En toe was die tweede Saterdag na Nuwejaar 'n vergadering by Edith gehou? -- Dit is so.

En daarna gereeld by Edith se huis? -- Ja, dit is so.

Elke Saterdag daarna het julle by Edith se huis vergader? -- Eers na die stigting van Gebied 7 se komitee (20) was daar elke Saterdag vergaderings by Edith se huis gehou.

Dit is net op Saterdag wat julle vergaderings gehou het? -- Dit is so.

Jy sien, dan is die verdere ding in hierdie verslag dat hierdie werkskomitee wat gestig is voor 19 Februarie 1984 het gereeld huisvergaderings gehou met die mense? -- Wie het daardie komitee nou gekies?

Ek sê dit is wat die verslag sê. Ek is nie hier om jou vrae te antwoord nie.

MR BIZOS : The prosecutor is not quoting the report correctly. (30)

The report reads "Zone 7 Sebokeng. A working committee has been formed and is busy on house meetings." The prosecutor has added "with the people", which is not there.

MNR. JACOBS : Die getuie kan seker vir ons 'n verduideliking gee.

HOF : Ja, maar "house meetings" kan wees by een besondere huis elke keer of dit kan wees by 'n klomp huise in die buurt. So, die woord is dubbelsinnig. U kan dit nie noodwendig op u vertolking lees en dan die getuie daarop aanvat nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit dan so stel. Is die verslag (10) reg of verkeerd as dit sê dat hierdie komitee wat gestig was, die werkskomitee, was baie besig met huisvergaderings? -- Dit is nie so nie. Ek dra nie kennis daarvan nie.

En dan verder dat hierdie komitee, hierdie werkskomitee het bestaan uit twaalf lede uit? -- Ek dra geen kennis van die hele stelling nie.

Hoeveel mense is dit wat gereeld so vergader het of op die wyse soos jy beskryf vergader het voordat die komitee van Gebied 7 gestig is?

MR BIZOS : The report is dated 14 January. The prosecutor (20) from time to time has referred to regular meetings to the 19th. On the witness's evidence there would hardly be room for regular meetings to his knowledge and I would ask him to please, with respect, confine his question to what the witness knows happened before the 14th whilst he is cross-examining on this report, because what is happening is, that a regularity has been established up to the 19th of February and that regularity has been projected back to cross-examine on a report dated 14 January.

MNR. JACOBS : Die mense wat vergader het, hetsy voor 14 (30)

Januarie/...

Januarie of daarna, hoeveel was hulle gewees wat die vergaderings op 'n gereelde basis bygewoon het? -- By ons eerste vergadering by Edith se woning, was die persone daar teenwoordig ekselself, Sefako Mokoena, Edith, beskuldigde nr. 9, nr. 17, Modise Mthombeni en Rina Mokoena. Ons was sewe persone altesaam.

Was daar nie mense wat jy gesê het wat onbekend was nie? -- Die vreemde persone was teenwoordig by Esau se woning waar hy my genooi het om 'n vergadering by te woon.

En het daardie ander mense nie agterna die ander (10) vergaderings kom bywoon nie? -- Daar is sekere mense wat ek by Esau leer ken het. Ek het hulle die laaste daar by Esau se huis gesien en het hulle nog nooit weer gesien nie tot die datum van my arrestasie.

Tussen daardie eerste Saterdag in Januarie toe julle by Esau vergader het en toe hy laat was en 14 Januarie, hoeveel vergaderings het julle gehou? Net een? -- Ek glo amper daar was net een vergadering gewees. Ek kan nie met sekerheid sê nie. Ek kan nie onthou nie.

Op daardie vergadering, wat het julle bespreek daar?(20) Kan jy onthou? -- Verwys u na die vergadering wat ek sê die tweede vergadering was?

Ja? Die eerste vergadering by Edith se huis. Die tweede vergadering wat jy bygewoon het en die eerste een by Edith se huis? -- Ek beskou die eerste vergadering as die vergadering wat by Edith se woning gehou was. Die bymekaar kom by Esau Raditsela beskou ek nie as 'n vergadering nie, want daar was hoegenaamd niks bespreek daar nie.

Nou goed, ons praat dan van die eerste vergadering by Edith se huis ? -- Die vergadering by Edith was bygewoon(30)

deur/...

deur die mense wie se name ek alreeds aan u gegee het en wat daar bespreek was, was die probleme wat ondervind was by 'n skool bekend as Sokwazi.

Wanneer is die skoolprinsipaal en die onderwysers van Sokwazi Skool ontmoet en die inspekteur van skole? -- Gedurende die eerste week na die Saterdag wat ons 'n vergadering gehad het, het ons 'n afvaardiging gestuur om die persone daar te gaan sien.

Het julle op hierdie vergadering van julle planne bespreek om 'n ouervereniging te stig? -- Eers na die verslag deur (10) die persone wat by die hoof van die skool was, het ons dit bespreek. Dit is die stigting.

Hoe lank na hierdie eerste vergadering wat julle by Edith gehou het was dit? -- In die tweede week na die bespreking van die skool se probleme by Edith se woning.

Is dit die eerste keer wat julle toe bespreek het of 'n ouerkomitee gestig moet word? -- Nee, dit was die eerste keer wat ons Gebied 7 se komitee bespreek het en nie die stigting van die ouers se komitee nie.

Ek vra vir jou spesifiek van die ouerkomitee. Hoekom(20) antwoord jy my dan nie? -- Nee, u sal my verskoon, ek dra geen kennis daarvan nie.

Dra jy nie kennis dat daar enige besprekings was oor die stigting van 'n ouerkomitee na die sukses in die skool nie? -- Wat ek wel van weet, dit wil sê met betrekking tot die ouers, is dat die afvaardiging wat ons daar gekies het, moes met die ouers daar in aanraking gekom het.

Kan jy nou vir my sê het julle mense wat jy sê is 'n komitee 'n bespreking gehad oor die stigting van 'n ouerkomitee in daardie gebied na die sukses by die skool? -- Ons het (30)

die/...

die stigting van Gebied 7 se komitee se stigting gepraat.

HOF : U moet asseblief die vraag beantwoord. As u hom nie wil beantwoord nie, sê so. Wat is die antwoord? -- Ek dra geen kennis van die ouers se komitee nie. Geen besprekings was deur ons uitgevoer met betrekking tot hierdie soort van 'n komitee nie.

MNR. JACOBS : En het ek jou getuienis reg verstaan dat op die eerste vergadering by Edith se huis was dit gewees toe julle daardie komitee gestuur het wat die ouers na die skool toe moes neem en die probleem van die kinders moes gaan (10) oplos?

HOF : Wat is presies die vraag?

MNR. JACOBS : Verstaan ek dan korrek dat die eerste vergadering by Edith se huis was die vergadering waar die mense aangewys is om die ouers in verbinding te bring met die outoriteite by die skool? -- Ek het gesê ons het twee persone uitgewys wat dan met die ouers moes kommunikeer het en tesame met die ouers gaan na die skool toe om die skoolprobleme te gaan bespreek.

My vraag is, dit was op daardie eerste vergadering (20) by Edith se huis in Januarie 1984? -- Dit is so.

Julle het terloops nooit op Nuwejaarsdag vergader nie. Is dit reg? -- Ek kan nie so 'n vergadering onthou nie. Ek weet nie daarvan nie.

'n Mens sal mos nie op Nuwejaar vergaderings gaan hou nie? -- Ja, want ons gaan na die pieknieks toe oor Nuwejaarsdag.

Jy sien, hoekom ek hierdie dinge vir jou vra is 1 Januarie 1984 was op 'n Saterdag, dit was Nuwejaarsdag, volgens die almanak. Die eerste Saterdag na Nuwejaar was op 7 Januarie (30)

1984/...

1984.

HOF : U stel die lste was n Saterdag? As daardie stelling korrek is ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Die lste was n Sondag, ekskuus.

HOF : Dan kan ons weer voor begin.

MNR. JACOBS : 7 Januarie 1984 was n Saterdag en toe was die vergadering by Esau volgens jou getuienis? -- Ja, ek was by Esau gewees op die eerste Saterdag na Nuwejaarsdag.

En dit was 7 Januarie 1984? -- Nee, ek kan nie die presiese datum onthou nie. (10)

Volgens die kalender, die volgende Saterdag, wat jy sê die eerste vergadering by Edith se huis was, was op 14 Januarie? -- Ja, ek aanvaar dit.

En op hierdie 14 Januarie het julle mense afgevaardig om na die skool te gaan en die prinsipaal te gaan sien en wat toe ook die inspekteur gaan sien het oor hierdie skoolkwessie? -- Ja, dit is so.

Ek wil dit aan jou stel dat jou gegewens wat jy vir die Hof gee kan nie reg wees nie, want in die verslag sê dit, n verslag wat daardie selfde dag 14 Januarie ingedien(20) is by - 1984 - UDF se vergadering opgestel vir daardie vergadering, was dit al klaar afgehandel gewees. Die prinsipaal was al gesien, die inspekteur was al gesien? -- Nee, dit weet ek nie van nie. Wat ek vir u sê is dit waarom ek getuig. Wat hierdie verslag voor my betref, dra ek geen kennis nie.

Maar sal jy saamstem dit is onmoontlik dat die verslag wat op 14 Januarie 1984 opgestel is hierdie feite kon bevat het, as dit is soos jy dit sê? -- Voor ek saam met my stem sal u moet verstaan, ek weet nie presies wanneer dit was (30)

toe/...

toe ons die eerste vergadering by Edith se huis gehad het nie. Dit is die vergadering wat ek na verwys as die eerste vergadering.

So, nou weet u nie wanneer dit was nie. -- Om daardie rede sê ek vir u ek dra geen kennis van hierdie verslag voor my nie en ek weet nie eers wie dit opgestel het nie en hoekom dit opgestel was nie.

Kan jy vir ons min of meer sê wanneer was die eerste vergadering by Edith? -- Ek wil nie myself met die datum bind nie. Al wat ek vir die Hof kan sê is, ons het h (10) vergadering, die eerste vergadering by Edith-hulle se woning gehou. Dit was op h Saterdag gewees. Dit was die eerste keer dat ons h vergadering by haar gehou het.

So, jy kan jou nie nou eers bind en sê of dit in Desember was of in Januarie was nie? -- Wat ek wel van weet is dat dit gedurende Januariemaand was.

Op hierdie vergadering by Edith se huis, was Esau Radit-sela ook teenwoordig? -- Hy was nie teenwoordig nie.

Het julle op enige stadium daar bespreek en besluit op enige van hierdie vergaderings studenterade in die skole(20) sal aangemoedig moet word? -- Nee, dit het ons nie bespreek nie.

Of het julle planne beraam dat dit gedoen moet word in Sebokeng? -- Nee, ons het nie die ander plekke se skole bespreek nie. Ons het net Gebied 7 se kinders se probleme op skool bespreek.

Die vergadering van 19 Februarie 1984, het julle dit beplan, die mense wat altyd by Edith se huis bymekaar gekom het? -- Dit is so.

Julle het bespreek wie die sprekers gaan wees op (30)

hierdie/....

hierdie vergadering? -- Dit is so.

Op watter basis het julle besluit wie sprekers gaan wees hierso? -- Herhaal die vraag?

Ek vra op watter basis het julle besluit wie is nou die mense wat die sprekers moet wees? -- Dit het van die persoon afgehang wat gevoel het om 'n toespraak te maak dat daardie persoon nou die toespraak maak. Daar was nie eintlik 'n keuse gemaak wie die sprekers moet wees nie.

Maar jy het nou net gesê julle het besluit wie sou die sprekers wees. Was daar 'n keuse of was daar nie 'n keuse (10) nie? -- Die besluit wat ek na verwys het op die volgende manier gekom. 'n Persoon het self ingewillig om iets te sê as spreker by hierdie vergadering terwyl ons daar besig was met die vergadering. Dan het ons dit aanvaar dat die persoon toegelaat word soos wat die persoon self nou ingewillig het om 'n toespraak te lewer.

HOF : Bedoel u ingewillig nadat iemand hom gevra het of bedoel u aangebied? -- Die persoon het self aangebied dat hy of sy 'n toespraak wil gaan maak by die vergadering. Dan het ons ons goedkeuring aan die persoon gegee. Dit is (20) die besluit wat ek na verwys.

MNR. JACOBS : Het jy self dan besluit jy gaan 'n toespraak lewer en aangebied om dit te doen? -- Ja, ek het aangebied.

Hoekom het jy aangebied? Op watter basis wou jy 'n toespraak daar gaan maak het? -- Omdat ons nou van plan was om 'n organisasie te stig het ek dit nodig gevind dat ek ook nou maar 'n paar woorde sê aangaande die stigting daarvan.

McCamel, het hy ook aangebied om 'n paar woorde daar te kom sê op hierdie vergadering? -- Nee, hy is nou die (30) persoon/...

persoon wat ons gevra het. Ons het hom gevra.

Op watter basis het julle hom gevra? Wat moes hy kom sê? Waaroor moes hy kom praat? -- As 'n voorsitter van VCA het ons hom toe gevra.

So, dit was belangrik dat VCA moet ook teenwoordig wees en 'n spreker wees op hierdie vergadering? -- Ons het vir hom gevra dat hy 'n toespraak moet maak as 'n voorsitter van VCA, nie dat hy ook moet bydra nie, maar net as 'n spreker.

Wat moes hy vir die mense kom vertel, het julle gedink? -- Om die gemeenskap daar te kom inlig oor VCA. (10)

Was dit so bespreek? Hy moes daarvoor kom praat? Vir die mense vertel van VCA? -- Die gesprek daar by hierdie vergadering was dat ons hom gaan vra as 'n spreker by hierdie vergadering as 'n voorsitter van VCA dat hy die gemeenskap oor VCA sal moet kom inlig.

Is dit ook korrek dat dit was belangrik gewees dat die mense moet ondersteuning gee aan julle om so 'n organisasie te stig as die Gebied 7 areakomitee? -- Dit is korrek.

En dit was ook belangrik dat dit by die mense tuis gebring moes word dat daar so 'n behoefte bestaan? -- Dit (20) is so.

En om so 'n behoefte by die mense tuis te bring, was dit ook belangrik dat aan die mense sekere vraagpunte en knelpunte gestel moet word, uitgelig word? -- Ja, dit is so.

En dit was ook belangrik om aan die mense uit te lig dat daar so 'n komitee nodig is om teen 'n teenstander die Raad op te tree as die oorsaak van hulle moeilikhede omtrent vraagpunte? -- Nee, nie om 'n kompetisie te hou teen die Raad nie. Dit was net bedoel dat dit tuis gebring moet word dat hierdie komitee te doen het met die gemeenskap se (30) probleme/...

probleme.

En dat hulle die probleme sal opneem teen die Raad? -- Nie soos u dit nou stel nie. Die stigting van die komitee daar was dat daar 'n komitee gestig word om in samewerking te wees met die gemeenskap om in die gemeenskap se probleme in te sien.

Maar die Raad was die sondebok gemaak van die probleme? -- Ja, want die Raad was eintlik die oorsaak van die probleme.

Juis en dit moes julle baie goed tuis bring by die mense. Hulle moes beseef die Raad is die sondeboek en oorsaak van (10) die probleme? -- Verstaan ek u vraag reg dat u nou bedoel dat die gemeenskap ingelig moes gewees het oor hierdie knelpunt oor hierdie stigting van die komitee dat die Raad se oorsaak is van die gemeenskap se probleme, met die gevolg dat daar 'n komitee gestig is om in die probleme namens die gemeenskap in te sien?

My vraag is eenvoudig. Ek sê dit moes by die gemeenskap baie goed tuis gebring word dat die Raad is die oorsaak van die probleme? -- Nee, dit was nie 'n kwessie van dat dit tuis gebring moet word aan die gemeenskap dat die Raad (20) die oorsaak van die mense se probleme was nie, maar dit was die doel van die vergadering gewees om met die gemeenskap bymekaar te kom en 'n komitee te stig om die bestaande probleme wat alreeds bekend was aan die gemeenskap te bespreek. Dit is al.

Het jy dit dan nie presies gedoen op daardie vergadering toe jy gepraat het nie? Het jy nie vir die vergadering daar vertel dat hierdie raadslede is onbetroubaar nie? -- Ek het gesê dat hulle kort betroubaarheid.

Ja, dit is 'n boodskap wat jy aan daardie mense oorgedra (30)

het/...

het en by hulle ingeskerp het? -- Nie met die oog daarop om dit skerp te beklemtoon nie, maar omdat die gemeenskap daarvan bewus was.

Wat het jy vir die mense daar gesê hoekom is die raadslede onbetroubaar? -- Nee, u kan my dit nie vra nie. Ek het alreeds vroeër in my getuienis gesê sedert die verkiesing van die Raad op die Raad waar hulle gedien het, het hulle nooit 'n vergadering met die gemeenskap gehou om enigiets met die gemeenskap te bespreek nie.

Hoekom kan ek jou dit nie vra nie? -- Dit is nie wat (10) ek sê nie. Die trant van my antwoord is, die gemeenskap het geen reg gehad om my dit te vra nie en ek het alreeds gesê dat ek aan die gemeenskap gesê het dat daar nooit 'n vergadering deur die Raad geroep is of enige raadslid geroep om die probleme met die gemeenskap te bespreek nie. Dus was die gemeenskap daarvan bewus. Hulle sou my nie daarvoor gevra het nie.

Ek vra vir jou wat het jy vir die mense vertel daar hoekom is die raadslede onbetroubaar? -- My rede is dat toe hulle daar gewerk het om verkies te word, het hulle belof-(20) tes aan die mense gemaak om op die Raad gekies te word. Byvoorbeeld die mense het belowe dat hulle die huur sal verminder, want volgens hulle is die huur te hoog en hulle sal op die ander probleme van die gemeenskap ingaan. Na hulle op die Raad gekies was, het hierdie huurgelde nog steeds hoër gegaan en die probleme het nog net so ontstaan.

Hoe het jy vir die mense gesê wat se probleme is dit wat daar bestaan? -- Nee, ek het dit nie genoem nie.

Het jy nie van die probleme gepraat, van die knelpunte nie? -- Soos ek alreeds vir die Hof hier gesê het, hulle (30)

het/...

het nie eers een dag die moeite gedoen om h vergadering te hou met die gemeenskap om die gemeenskap se gevoelens aan te hoor nie.

HOF : Het u dit genoem? -- Ja, ek het dit genoem.

MNR. JACOBS : En wou jy die gemeenskap oorhaal om te glo wat jy vir hulle sê? -- Wat ek daar gesê het, is nie dinge wat nie aan die gemeenskap bekend was nie. Al wat ek daar gesê het was aan die gemeenskap bekend.

Het jy h knelpunt gebruik in jou toespraak van die hoë huur? Het jy gepraat van die hoë huur? -- Nee, ek het(10) geen melding daarvan gemaak nie.

Ons het getuienis hier gehad van IC.8 dat jy het gepraat oor die huur? -- Ja, maar dit het ek mos aangeval deur middel daarvan om te sê wat dit alles is waarvan ek gepraat het.

Deur te sê alles wat jy van gepraat het? Het jy nou vir ons alles gesê wat jy van gepraat het? -- U het my nou net gevra wat my toespraak was by hierdie vergadering. Dit is korrek dat ek nou net vir u gesê het wat my toespraak was.

Het jy vir die Hof alles gesê? -- Hierdie is een van(20) die dinge waarvan ek melding gemaak het in my toespraak.

HOF : Die vraag is of u in die hof die hele toespraak nou gegee het? -- Dit is sover ek kan onthou wat ek in my toespraak gesê het by hierdie vergadering van die 19de.

MNR. JACOBS : So, jou geheue is dan blykbaar nie so baie goed omtrent jou eie toespraak nie? -- Toe ek h toespraak gelewer het by hierdie vergadering van 19 Februarie het ek op hierdie manier my toespraak gelewer.

Kan jy onthou dat jy van die bustariewe gepraat het ? --  
Waar het ek daarvan gepraat? (30)

Op/...

Op daardie vergadering van die 19de? -- Ek dra geen kennis daarvan nie, dat ek ooit van bustariewe gepraat het.

U sien, dit is wat die getuienis was dat jy het gepraat oor die huur en die hoë bustariewe en jy het gesê julle moet die hoë huur en die bustariewe - die mense moet dit boikot. Jy het hulle uitgenooi hulle moet dit boikot en dat julle moet veg vir julle regte? -- Toe die getuie IC.8 dit gesê het in sy getuienis het ek aan my verdediging gegee wat my weergawe is aangaande dit, wat heeltemal verskillend is van die getuienis van die getuie IC.8. (10)

Dit was nooit gestel, jou verskillende weergawe dat jy ontken dat jy gepraat het oor die bustariewe of die hoë huur, dat dit geboikot moet word nie? -- Die stelling wat aan hom gemaak was was dat Mphuthi het nie dit gesê nie, maar dit het hy gesê.

Sê jy so? -- Ja, ek sê so.

As ek dan jou getuienis reg verstaan het jy net een ding gesê teen raadslede en dit is dat hulle onbetroubaar is omdat hulle nie na die mense toe gekom het om uit te vind wat is die probleme nie? -- Ja, dit is wat ek gesê (20) het.

Het jy in jou toespraak gesê dat daar is 'n behoefte, die mense moet so 'n organisasie nou stig soos die Gebied 7 areakomitee? -- Wat ek gedoen het, was ek het die gemeenskap daar verwelkom, dat hulle by hierdie vergadering opgedaag het waar die stigting van die komitee van Gebied 7 gaan plaasvind. Dit was eintlik my woorde of woorde tot daardie effek.

Het jy vir die mense gesê hoekom is dit nodig dat so 'n ding gestig moet word? -- Al het ek nie veel gesê oor (30)

om/...

om watter redes was om die komitee te stig nie, het ek melding gemaak van sekere dinge wat die komitee na sou omgesien het.

Wat se dinge? -- Die tekort van huisvesting, die skole, die padtekens veral in die nabyheid van skole by die kinders se oorgange.

En nog? -- En die huur wat baie maal verhoog word.

So, jy het oor die huur gepraat? -- Ja, maar u vra nou vir my as 'n persoon wat het ek in gedagte gehad. Nou noem ek aan u wat ek in my gedagte het as probleme, nie wat (10) ek daar aan die mense oorgedra het nie.

Ek verstaan nie nou reg nie. Netnou het gesê dat die probleme wat hierdie organisasie wou oplos het jy oorgedra aan die mense. Het jy dit gedoen of nie? -- Ek het dit nie spesifiek aan die gemeenskap daar genoem as 'n probleem nie. Al wat ek gesê het was aangaande ons probleme as 'n gemeenskap.

Jy het nie vir die mense gesê die probleme wat hierdie komitee wil probeer oplos nie? Het jy, ja of nee? -- Nee.

Kom ons gaan net 'n bietjie verder. Wie is mnr. (20) Modise Mthombeni? Waar kom hy vandaan? -- Hy woon in Gebied 7.

Ja, hy woon in Gebied 7. Was hy deel van julle groep wat hierdie vergadering beplan het? -- Dit is so.

So, hy was ook een van die mense wat aangebied het om 'n toespraak te lewer? -- Dit is so.

Was hy ook later verkies om die Gebied 7 komitee? -- As 'n sekretaris.

Hierdie mnr. Modise Mthombeni, was hy die eerste spreker op hierdie vergadering? -- Sover as wat ek onthou, ja.

Hy het tog seker gesê die rede dat hierdie komitee (30) gestig/...

gestig word? -- Ek sê nie dat hy dit nie gesê het nie, maar ek onthou van sy toespraak terwyl hy sy toespraak gelewer het.

Jy verstaan Engels? -- Nee.

Het jy hom nie verstaan toe - jy sê jy verstaan nie? Hoe verstaan jy dan die verslag wat daar voor jou gesit is en wat jy gelees het, die bewysstuk netnou? Hoe het jy verstaan wat jy daar gelees het? -- Wat praat u nou van?

Jy sê jy verstaan nie Engels nie. Nou vra ek vir jou wat het jy verstaan toe jy BEWYSSTUK O3 gelees het? Dit (10) is dan in Engels? -- Ek het Engels hier gelees.

Ja en jy het dit verstaan? -- Ja, baie goed.

Hoekom sê jy dan vir die Hof jy verstaan nie Engels nie? -- Ek verstaan nie wat is die vraag nie. U het hierdie dokument vir my gegee en ek het dit gelees.

Jy weet presies wat ek vir jou vra. Jy het nou vir die Hof gesê jy verstaan nie Engels nie, toe ek vir jou gevra het? Is dit reg? -- Ek verstaan nie wat wil u oordra aan my nie.

U hoef nie te verstaan nie, antwoord net my vraag. Het ek netnou vir jou gevra verstaan jy Engels, toe sê jy nee, (20) jy verstaan nie Engels nie? -- Die Engels wat hier geskryf staan verstaan ek.

Het jy netnou gesê jy verstaan nie Engels nie? Dit is my vraag vir die derde keer. As jy my nie wil antwoord nie, dan moet jy dit maar los en dan sê jy vir my. Ek gee jou nou 'n derde geleentheid? -- Ek het nie verstaan watter Engels u van praat nie.

Is daar ander Engels as Engels? -- As ek hier lees verstaan ek.

Modise Mthombeni se toespraak in Engels wil ek aan (30)

jou/...

jou stel het jy verstaan wat hy gesê het? -- Hy het sy toespraak in Engels gemaak, wat later verduidelik was deur mnr. Matlole omdat die persoon verwysings gemaak het in die Bybel. Met die verduideliking het ek dus die inhoud van hierdie toespraak beter verstaan.

My vraag is weer, jy het sy toespraak ook verstaan in Engels toe hy dit aangebied het? -- U moet my verstaan, ek het sy toespraak in Engels verstaan, maar wat ek daarby bedoel is, ek het nie goed gevolg wat sy toespraak is nie tot tyd en wyl dit verduidelik was deur mnr. Matlole. (10)

Nou goed, wat het hy gesê omtrent raadslede?

HOF : Is dit nou beskuldigde nr. 17 of Esau Mthombeni?

MNR. JACOBS : Nee, mnr. Mthombeni in sy toespraak? -- Hy het nêrens melding gemaak van die raadslede in sy toespraak nie.

Wat se griewe het hy na verwys en gesê wat opgelos moet word? -- Ek kan nie onthou dat hy ooit enige melding gemaak het van enige griewe nie. Wat ek wel kan onthou is dat hy in sy toespraak melding gemaak of verwys het na die Bybel wat later deur mnr. Matlole verduidelik was. (20)

Het hy gesê wat is die doelstellings wat julle wil nastreef en wat julle wil verwesenlik deur hierdie organisasie te stig? -- Ek kan nie so onthou nie.

Wat het gesê omtrent Gideon se kinders? -- Dit was verduidelik deur mnr. Matlole. Ek kan nie meer onthou wat hy alles gesê het nie. Daardie hoofstuk was gemeld en dit is toe later verduidelik.

Hoe is dit verduidelik in verhouding met die mense daar in die Vaal daar op daardie vergadering? Wat onthou jy? -- Ek sal my nie bind en sê wat hy alles gesê het in verduideliking daarvan/... (30)

daarvan in verhouding tot enige persoon nie. Al wat ek vir die Hof hier kan sê is dat dit verduidelik was.

Ek het nie gevra alles nie. Wat kan jy onthou? -- Wat ek kan onthou is dit wat mnr. Matlole verduidelik het. Dit is toe hy na die Bybel verwys het.

Wat het hy verduidelik? -- Ek kan nie meer alles onthou wat deur hom verduidelik was as die betekenis daarvan nie.

Ek wil weer vir jou daarop wys, ek vra nie alles nie. Wat kan jy daarvan onthou, wat het mnr. Matlole gesê? -- Wat ek onthou is dat Modise se toespraak het verwys na (10) die Bybel wat later deur Matlole in Sotho verduidelik was. Dit is wat ek onthou.

So, verstaan ek dan, dat daar nie enige twyfel is nie, van mnr. Mthombeni se toespraak onthou jy absoluut niks nie, behalwe dat hy verwys het na die Bybel en Gideon se kinders, verder niks? -- Ek kan nie onthou nie.

En McCamel se toespraak? -- McCamel het in sy toespraak sy dank uitgespreek teenoor die gemeenskap daar teenwoordig en toe verder gesê dat dit raadsaam is vir die gemeenskap om self op te staan en self na die gemeenskap se probleme (20) te kyk.

Wat beteken hierdie ding dat hulle opstaan? -- Die opstaan sal ek so aan u verduidelik. In sy toespraak het hy gesê die Here sal nie van die hemel af kom om mense te kom help wat niks doen nie, wat net daar is met gevoude arms.

Teen wie moes die mense opstaan? -- Nie opstaan dat hulle teen iemand moet optree nie. Opstaan in die sin dat hulle self iets moet doen om hulle probleme te probeer oplos.

Teenoor wie moes hulle hulle probleme self oplos? -- (30)

Nou/...

Nou verstaan ek nie. As u sê teen wie verstaan ek nie.

Hulle moes tog aan iemand hulle probleme gaan stel. Is dit dan teen die Raad? Jy sien, jy wil nie die antwoorde gee nie. Die Swart plaaslike besture, dit is die mense teen wie opgetree moet word. -- Nee, hulle bymekaar gekom het en hulle probleme identifiseer het, dat ons dan bymekaar kom en die probleme bespreek en sien hoe om te werk te gaan om die probleme opgelos te kry.

En dit was dan die doel dat VCA en hierdie areakomitee moet die leiding neem nadat die probleme geïdentifiseer is? (10) -- Nee, nie VCA nie, maar die komitee wat verkies is deur die gemeenskap sou opgetree het in opdrag van die gemeenskap aangaande dit wat deur hulle identifiseer is.

Het McCamel nie gesê dat die VCA is juis ingestel vir daardie doel nie? -- Ja, hy het so gesê.

En julle is 'n deel van VCA. Met julle bedoel ek dan die komitee van Gebied 7 en die ander komitees van ander gebiede, alles deel van VCA? -- Ons het nie van ander komitees geweet behalwe ons eie komitee nie.

Ag, man, nou praat jy net 'n klomp nonsens. Jy het (20) geweet van Gebied 3. Julle het saam met hulle gewerk later aan, alles? Jy het later van heelwat ander komitees gehoor ook. Jy het geweet van die areakomitees wat deel van VCA is?

MR BIZOS : Was the original question not relating to his state of knowledge in February?

HOF : Op die vergadering?

MNR. JACOBS : Op die vergadering het hy geweet van ander komitees.

HOF : Sê u dat op die vergadering het hy geweet van baie ander komitees? (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Ek maak so 'n stelling aan hom, ja.

HOF : Wat is die antwoord? -- Kyk, in u stelling praat u daarvan dat ek nonsens praat. Ek kan nie verstaan hoekom u dit sê nie, want by hierdie vergadering was ons besig om 'n komitee te stig van Gebied 7. Op hierdie stadium het ek nog geen kennis gedra van enige ander komitees wat bestaan het nie.

MR BIZOS : The example that the prosecutor gave was the committee in Zone 3 and Your Lordship has evidence that that was established in August 1984 and the witness is accused(10) and has been badgered of talking nonsense when in truth and in fact the confusion is contained in the prosecutor's mind, with respect and whilst I am on my feet, Your Lordship will remember that the prosecutor put to the witness that something was not put by us, without giving a page number. I do not want to argue now - Your Lordship will recall about his speech and Your Lordship will find that although I did not put it in detail, I did put in issue what he said about accused no. 7 on page 936.

COURT : Volume? (20)

MR BIZOS : Volume 20. "What would you say that the effect of his speech was that the councillors were untrustworthy?" I could in retrospect have done it in greater detail, but to say it was not touched upon at all, is not quite correct.

HOF : Hierdie aspek kan ons daar laat. Die eerste aspek dink ek moet u regstel met die getuie, as dit so is dat die gebiedskomitee van Gebied 3 eers gestig is in Augustus 1983.

MNR. JACOBS : Op 'n later stadium na hierdie datum, het jy kennis gedra van gebiedskomitees van VCA in ander gebiede? -- Ek het geweet van Bophelong se komitee. (30)

So/...

So, op hierdie stadium het jy al geweet van Bophelong se komitee?

HOF : Wag h bietjie, u vraag het te doen met op h later stadium. Ons moet nou nie "later" en "hierdie stadium" deurmekaar gooi nie. Praat u nou van 19 Februarie 1984 of praat u van kennis daarna?

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit miskien net duideliker kry van hom. Wanneer het jy gehoor van Bophelong se komitee? -- Dit is na die stigting van Gebied 7 se komitee.

HOF : Kan jy vir ons h tyd omtrent gee? -- Dit is daar (10) om en by einde Februarie of vroeg in Maartmaand. In die besprekings het ek dit te hore gekom.

MNR. JACOBS : Is dit al gebiedskomitee wat jy van geweet het of van te hore gekom het op die 19de? -- By daardie tyd, ja, dat daar so h komitee bestaan in Bophelong.

Wat bedoel jy met daardie tyd? Ek wil nie weer beskuldig word dat ek dit verkeerd het nie. Wat bedoel jy nou met daardie tyd? -- By daardie tyd bedoel ek die tydperk net om en by einde Februarie of begin Maart.

Ek vra vir jou na 19 Februarie, enige tyd daarna? (20) Vergeet nou van Bophelong? -- Nee.

HOF : Waarop antwoord u nou nee? -- Dat ek nie later geweet het van ander komitees nie.

Jy het darem geweet van Gebied 3 seker? -- Ek het daarvan kennis gedra dat so h komitee gestig gaan word. Dit is Gebied 3 se komitee.

MNR. JACOBS : En dat hy gestig is? -- Ek het geweet.

So, jy het geweet van daardie komitee dan? -- Ja, ek het geweet van die komitee.

So, jy kon maklik die vraag geantwoord het deur vir (30)

die/...

die Hof te gesê het jy het geweet van Gebied 3 se komitee? Is dit reg? -- U vraag was het ek toe later geweet van ander komitees na die stigting van my komitee, waarop ek gesê het ek het toe te hore gekom van die bestaan van Bophelong se komitee en u verdere vraag was oor Gebied 3 se komitee, waarop ek aan u gesê het dat dit eers in Augustusmaand gestig was.

Ek sal nie my vraag herhaal nie. Het jy geweet van ander gebiede se komitees? -- Na die stigting van ons komitee, ja. (10)

Vertel nou vir ons van watter komitees het jy kennis gedra? Laat ons nou met een antwoord almal kry, asseblief. -- Ek het bewus geword of geweet van Bophelong se komitee, Gebied 3.

HOF : Is dit al? -- Ja, dit is al komitees wat ek van weet in die Vaal.

MNR. JACOBS : Net om hierdie ding af te rond, op 2 September 1984 was jy by daardie vergadering gewees by Small Farms waar gebiedskomitees bymekaar gekom het om die opmars te beplan en die memorandum op te trek? -- Ja, dit is so. (20)

Was daar lede van die gebiedskomitees van ander gebiede? -- Ja, dit is so.

Watter ander gebiede? -- Laat ek verder antwoord daarop. Die komitees daar teenwoordig of van hulle het ek eers van bewus geword op daardie dag toe ons daar by die vergadering was, byvoorbeeld Boipatong se komitee het ek eers vir die eerste keer van gehoor op hierdie dag en sekere mense wat van Gebied 12 af gekom het wat gesê het dat hulle daar was om Gebied 12 te verteenwoordig. Ek het daardie persone vir die eerste keer daar leer ken. (30)

Ek/...

Ek het nie nou-nou gevra of jy hulle die eerste keer geken het en of jy hulle die laaste keer geken het nie. Ek het vir jou gevra van ander gebiede waarvan jy kennis dra na 19 Februarie. Enige tyd na dit? -- Ek het bewus geword van die bestaan van die komitees wat ek alreeds aan u genoem het behalwe dié waarvan ek eers bewus geword het op 2 September.

Is dit reg dat elkeen van hierdie gebiedskomitees het 'n vaste verteenwoordiger op die bestuur van VCA? -- Dit is so, ja. (10)

En in julle geval van Gebied 7 was dit Edith Lethlake? -- Ja, dit is so.

En van Gebied 3 was dit beskuldigde nr. 10, mnr. Vila-kazi? -- Dit is so, ja.

Het mnr. McCamel op hierdie vergadering toe aan die mense verduidelik dat hierdie areakomitees wat hulle wil stig word ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Op watter vergadering?

MNR. JACOBS : Op hierdie vergadering van 19 Februarie 1984 verduidelik dat hierdie areakomitee wat hulle hier wil stig (20) en ook in ander plekke, dat areakomitees het 'n verteenwoordiger op die VCA? -- Ek kan nie onthou dat hy so gesê het nie.

Maar hy het dan gekom, julle het hom spesiaal gevra om te sê hoe dat die VCA gewerk het daar en dit aan die mense te verduidelik? -- Sy verduideliking aan die gehoor daar was dat VCA gestig was as gevolg van die griewe van die mense en die gemeenskap het daarop besluit dat daar so 'n organisasie gestig moet word, naamlik die VCA en wanneer dit gestig was en wie die verteenwoordiger is van Gebied 7 op die VCA het hy ook gesê. (30)

Het/...

Het hy ook gesê dat dit was die opdrag op die stigtingsvergadering van VCA dat areakomitees moet gestig word deur h verteenwoordiger van VCA? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Jy sien, die samewerking is eintlik baie nouer as wat jy probeer voorgee, want jy het self VCA verteenwoordig as h afgevaardigde?

MR BIZOS : His evidence was precisely the contrary, that he went there as an observer and not as a representative.

HOF : Is dit h stelling of h vraag?

MNR. JACOBS : Dit is h vraag. -- Ja, daar is h plek waar(10) ek in daardie hoedanigheid na gegaan het.

Waarheen het jy as h afgevaardigde gegaan? -- Daleside.

En beskuldigde nr. 17 wat ook h lid van julle gebiedskomitee was, het gegaan as afgevaardigde van VCA na plekke toe. Weet jy daarvan? -- Ek, hy en die andere is na Dale-side toe met die oog daarop om beter kennis te gaan opdoen omtrent die "civics".

Was hy as afgevaardigde van VCA na enige van die vergaderings van die Algemene Raad van UDF? Dit is nou beskuldigde nr. 17? -- Ek kan my nie voorstel dat ons hom alleen(20) as h afgevaardigde uitgestuur het om as h verteenwoordiger te gaan optree nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

TSIETSI DAVID MPHUTHI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mphuthi, op 14 Julie 1984 het jy h vergadering van die Algemene Raad van UDF Transvaal bygewoon in Khotso House, Johannesburg?

-- Ja, dit is so.

En nou vertel jy vir die Hof jy het gegaan as iemand(30)

wat/...

wat observasie gaan hou het en nie as h afgevaardigde nie.

HOF : As h waarnemer.

MNR. JACOBS : h Waarnemer? -- Dit is so, ja.

Ek wil jou verwys na BEWYSSTUK 26 en ek wil jou ook verwys na die oorspronklike van hierdie goed. Is dit jou handtekening wat hierso staan? -- Ja, dit is my handtekening.

En dit is jou eie handskrif ook daar? -- Ja, dit is my handtekening.

Daar wys dit dat jy verteenwoordig die organisasie VCA? (10)

HOF : Net om dit maklik te maak, daar is onder die een kolom van die handtekeninge h handtekening en langsaan onder "Organisation" staan "VCA" en onder die kolom "Delegate" staan ingeskryf "Delegate" en onder "Observer" staan daar niks geskryf nie.

MNR. JACOBS : Jy sien, daar in die dokument self het jy geskryf dat jy was h afgevaardigde? -- As u mooi na die ding kyk, sal u sien daar is h pyltjie wat ek getrek het in die rigting van "observer" wat aandui dat ek h "observer" was.

Nee, ek wil nou vir jou stel dat jy vertel h leuen (20) vir die Hof, want daardie pyltjie het ek daar aangebring omdat jou naam daar staan om dit dadelik te kry. Ek persoonlik het daardie pyltjie getrek?

HOF : Kan ek net daarna kyk. -- Al is dit nie so nie, was ek nie daar gewees as h afgevaardigde nie.

Nee, wag so h bietjie, laat ons nou die debat oplos. Ek plaas op rekord dat daar h kruisie met h kringetjie om is tussen "VCA" en "Delegate", dit is in potlood en dat daar agter "Delegate" h pylstreep is na regs, net soos daar agter "E. Raditsela" wil dit voorkom h pylstreep is na (30)

regs/...

regs, alles in potlood. -- Dit sal ek nie weet nie, maar die persoon wat daarheen gegaan het as 'n afgevaardigde was Raditsela, nie ek nie.

MNR. JACOBS : En jy het in jou eie handskrif geskryf dat jy is 'n afgevaardigde, 'n "Delegate"? -- Ek sou nie presies weet wat daar gedoen moes word nie, maar wat ek wel kan sê is dat ek nie afgevaardig was deur my komitee om iemand daar te gaan verteenwoordig nie.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry nou. Sê u dat u daardie potloodpyltjie aangebring het of het u hom nie aangebring nie? -- Ek kan nie meer onthou nie, want dit het lank gelede gebeur. (10)

MNR. JACOBS : Jy sien, jy het 'n pen in jou hand gehad waarmee jy geskryf het en dan sou jy jou pyltjie met die pen getrek het? -- Dit kon gebeur het, ja, maar ek kan nie meer onthou onder watter omstandighede, hoe dit gekom het dat ek my naam daar geskryf het, onder my naam geskryf het "Delegate" nie.

Jy sien, dit is baie eienaardig. Daar is 'n spesifieke kolom vir "Delegate" en waar jy jou naam skryf as "Delegate" (20) in jou eie handskrif. Is dit nie? -- Ja, dit is my handskrif daardie.

En daar was spesifieke kolomme waar jy jou goed moes inskryf, jou besonderhede moes ingevul het, duidelik gemerkte kolomme? -- Ja, dit is so.

Dan sien ek hierso dat Esau Raditsela het na die vergadering gegaan as 'n "observer", 'n waarnemer? -- Ja, ons het nie op dieselfde plek gesit nie. Ons het by verskillende plekke gaan sit.

En hy het gegaan as 'n waarnemer? -- Dit is wat ek (30)

nie/...

nie sal weet nie, hoe hy daar gekom het, maar wat ek wel weet is dat ek hom vergesel het as 'n afgevaardigde.

HOF : Wie synde die afgevaardigde? -- Ons het Esau vergesel.

Wie is die afgevaardigde? Ek wil net duidelikheid kry oor wat jy sê? -- Esau wat afgevaardig was deur VCA.

Is dit so dat die afgevaardigdes en die waarnemers apart van mekaar gesit het? -- Ja, die waarnemers het eenkant gesit en dan die afgevaardigdes het ook hulle kant gehad waar hulle moes sit.

En daar was twee van julle wat as "Delegate" geteken (10) het en een het as "observer" geteken. Is dit korrek? Twee van julle VCA mense? -- Dit weet ek nie. Ek is nie in staat om vir die Hof te sê hoe dit so was nie.

Is dit so, het u dit so gesien in BEWYSSTUK 26? -- Ja, ek het dit gesien.

En 'n organisasie is geregtig op twee "delegates"? -- Dit weet ek nie.

MNR. JACOBS : Net om dit af te rond. Die ander persoon wat geteken het en wat saam met julle daar was, is Sam Matlole, beskuldigde nr. 17, wat geteken het as 'n "delegate" (20) van VCA? -- Dit sal ek nie weet nie, want selfs daar in die vergadering het ons by een plek gaan sit van die waarnemers en die afgevaardigdes het alleen gesit.

Die hele ding is, julle was die afgevaardigdes van VCA? -- Ek hoor u stelling en ek verstaan dit, maar wat ek sê is dat ons was nêrens uitgewys as afgevaardigdes van VCA nie.

HOF : Maar u het gaan sit by die afgevaardigdes? -- Dit kan wees miskien dat ek daar aangeteken het as 'n afgevaardigde, maar die posisie wat ek ingeneem het, waar ek gesit het, (30)

was/...

was nie by die afgevaardigdes nie.

MNR. JACOBS : Dan sê jy ook dat by die Daleside ding, kursus was jy en nr. 17 ook afgevaardigdes van VCA? -- Nee, ons was nie Daleside toe as afgevaardigdes nie. Ons het soontoe gegaan omrede ons beter kennis wou opgedoen het van die "civics". Eintlik was die mense wat daar teenwoordig was van ons komitee meer as wat ons was. Dit wil sê meer persone het dit bygewoon.

Sonder dat ek dit vir jou gevra het, het jy netnou vir die Hof gesê voor die verdaging, dat daar was 'n geleentheid(10) toe jy 'n afgevaardigde was en toe het jy self geopper Daleside. Nou sê jy dit is nie so nie. Wat is nou die waarheid? -- Laat ek dit so stel. Ek sou nie daarheen alleen gegaan het as 'n afgevaardigde, terwyl ons meer as een persoon daar teenwoordig was om beter kennis op te doen van die "civics" nie.

Dit is nie wat ek jou gevra het nie. Het jy netnou vir die Hof gesê uit jou eie uit, sonder dat jy na Daleside verwys was, dat jy was 'n afgevaardigde van VCA by Daleside? Het jy dit gesê ja of nee? -- Wat ek gesê het, was ek is (20) na Daleside toe om 'n vergadering daar by te woon van die "civics" en ons was meer as een persoon teenwoordig daar wat dit bygewoon het.

So, jy ontken nou dat jy netnou gesê het jy was as 'n afgevaardigde van VCA by Daleside? -- Maar u het dit nie vir my duidelik gemaak waar ek was as 'n afgevaardigde nie. As u dit duidelik gestel het, sou ek in staat gewees het om u dan te kon gesê het wat die posisie is.

Ek verstaan jou antwoord nou glad nie, want ek het nie eers gepraat van Daleside nie, toe jy dit geopper het en (30)

gesê/...

gesê het - jou woorde was nog jy was net by een geleentheid  
n afgevaardigde van VCA en dit is by Daleside. Jy het dit  
self geopper? -- Nee, maar u het my gevra waar was ek voor-  
heen gewees. Ons het nie op daardie stadium gepraat van  
afgevaardigdes nie.

Goed, ons los dit daar. Dit is op rekord wat jy gesê  
het. Ons gaan terug na McCamel se toespraak toe toe ons  
afgedwaal het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nou op 19 Februarie?

MNR. JACOBS : Op 19 Februarie 1984. Het McCamel daar (10)  
aan die gehoor vertel watter griewe dit is van die mense  
wat VCA wil oplos? -- Nee, hy het nie verduidelik nie.

Het hy geen van die mense se probleme daarso geopper  
nie, niks gesê van probleme nie? -- Hy het net melding  
gemaak van probleme wat mense kan ondervind en hy het toe  
nie spesifiek gesê watter probleme hy van praat nie.

O, dit is net die woord probleme gebruik in die algemeen?  
-- Dit is sover ek kan onthou.

Hy het nie gesê in watter opsig "the people must stand  
on their own feet" nie? -- Dit het hy gesê aangaande die (20)  
probleme wat hulle ondervind, wat hy nie spesifiek genoem  
het watter probleme hy van praat nie.

Het hy gesê hoe dat die mense hierdie probleme moet  
ontmoet as hulle op hulle eie voete staan? -- Hy het gesê  
met hulle vorming van n eenheid sal hulle in staat wees om  
die probleme van hulle te kan oplos.

So, die mense moet "unite", is dit wat hy gesê het?  
That is right.

En as hulle verenig is, moes hulle die probleme oplos  
onder leiding van die areakomitee en VCA? -- Nee, nou (30)

verstaan/...

verstaan ek nie u vraag nie. My antwoord hier was die gemeenskap sou bymekaar gekom het en besluit het op iets wat gedoen moet word en dit sou later oorgedra word aan die komitee, dat die komitee dan 'n mandaat gegee word wat gedoen moet word in verband met daardie probleme. U betrek VCA ook in die hele aangeleentheid.

Maar julle is mos 'n deel van VCA, is julle nie? -- Ja, want ons is 'n lid van VCA.

En is dit nie so dat McCamel vir die VCA gepopulariseer het onder die mense en gesê het "Kyk, dit is 'n goeie (10) organisasie wat hier gestig is" nie, om hulle belange te behartig, die mense moet dit ondersteun? -- Nee, ek kan dit nie so onthou nie.

En as die mense nou so verenig, die inwoners en die massas so verenig, verenig nie om sommer net doelloos te wees nie, maar dit is teen die Raad en die Raadstelsel en die sisteem? -- Nie om hulle eie probleme dan op te los nie of daarna te kyk nie.

Kom ons gaan na Edith toe.

HOF : Wat beteken die antwoord nou. Die stelling wat (20) gemaak is, is dat daar verenig word teen die Raad en die raadstelsel en die sisteem. Wat is u antwoord op daardie vraag? -- Ek stem nie saam nie.

MNR. JACOBS : Hulle moes nie seker net verenig om bloot te verenig nie. Daar moes tog 'n doel gewees het hoekom moes hulle verenig? -- Ja, ons vereniging met die gemeenskap se doel was om die probleme te bespreek, nie om op te tree teenoor iemand nie.

Maar dan verstaan ek dit nie. Dan is dit doelloos. Julle gaan bespreek nou net probleme ... (Mnr. Bizos kom (30)

tussenbei/...

tussenbei)

MR BIZOS : The question has been answered at least four times in the last ten minutes. That the unity was for solving the community's problems. My Learned Friend may not like the answer, but it is an answer.

MNR. JACOBS : As My Geleerde Vriend my net n geleentheid gee om my vraag klaar te stel, dan kan hy beswaar aanteken, en om my in die rede te val voordat hy nog weet wat is die vraag.

HOF : Laat ons net eers hoor wat die vraag is, mnr. Bizos.

MR BIZOS : Well, I thought that he had finished. (10)

HOF : Herhaal weer die vraag, asseblief.

MNR. JACOBS : My vraag aan jou is dat die vereniging kan tog nie net gewees het om probleme te bespreek nie en dit daar te laat nie. Dit was jou antwoord nou gewees? -- Daar sou geen optrede gewees sonder die mandaat van die gemeenskap nie.

Is dit jou antwoord? -- Ja, dit is wat ek sê.

Jy sê Edith het n toespraak gelewer op daardie vergadering? -- Dit is so, ja.

Het sy op enige van die probleme van die gemeenskap (20) gekonsentreer en dit behandel? -- Dit is so.

Watter probleme het sy bespreek en behandel? -- Sy het gesê sy kan dit nie meer bekostig om lekker kos te geniet nie, want sy moet al die sente bymekaar bring om in staat te wees om die huur te betaal. Dit is om daardie rede dat sy nou so maer is.

So, sy het gepraat teen die huur? -- Ek weet nie of ek moet sê sy was teen die huur nie, maar wat ek wel gehoor het is dat sy elke sent bymekaar hou om in staat te wees om die huur te betaal. (30)

Het/...

Het sy oor enige ander probleme gepraat? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Het sy miskien oor eviksies gepraat, uitsettings? -- Nee, ek kan nie onthou dat sy daarvan gepraat het nie.

Het sy gepraat van die hoë lewenskoste miskien wat nou veroorsaak dat sy nie huur kan betaal nie? -- Wat ek onthou is dit waarvan ek reeds gepraat het wat sy gesê het.

Het sy gepraat oor die werkloosheid van mense daarso en dat hulle nie huur kan betaal nie? -- Ek kan nie meer onthou nie. (10)

Wie het sy geblameer vir hierdie ding dat sy nie meer kan kos koop nie omdat die huur so hoog is? -- Ek sal nie weet nie. Sy is die persoon wat die toespraak gemaak het daar. Ek weet nie wie was sy besig om te blameer toe sy gesê het sy kan nie meer lekker kos eet nie.

Het sy gepraat oor die raadslede op enige manier? -- Ek kan nie onthou nie.

Het sy gesê as hierdie komitee nou gestig word dat hulle sal die ding opneem oor die raadslede, oor die verhoogde huur? (20)

HOF : Bedoel u met die raadslede?

MNR. JACOBS : Met die raadslede of teen die raadslede?

HOF : Albei of een?

MNR. JACOBS : Ek sal hulle apart stel. As ek eers stel dat hulle die probleem sal opneem teen die raadslede wat, soos jy dit stel, onbetroubaar is? -- Ek kan nie onthou dat sy so gesê het nie.

Of dat hulle die probleem sal opneem met die raadslede? -- Ek kan nie onthou nie.

Beskuldigde nr. 9 sê jy het ook 'n toespraak daar (30)

gemaak/...

gemaak? -- Ja, hy het.

Het hy enige probleme daar geopper wat die inwoners sou ondervind as tema vir sy toespraak? -- Die kinders wat van die skole af weggejaag word.

Goed, dit is een van die probleme. Wat nog? -- Dat hulle soontoe gegaan het in die geselskap van die ouers en as gevolg van hulle gaan daarheen, is die kinders weer her-toegelaat op skool.

Het hy nog probleme in sy toespraak behandel? -- Dit is sover ek kan onthou wat hy gesê het. (10)

Het hy niks gepraat oor die huur of ander probleme, soos die uitsetting van mense uit hulle huise uit as hulle nie hulle huur betaal nie en daardie tipe ding? -- Ek onthou dit nie.

Het hy enigiets teen raadslede gesê dat hulle nie aanvaarbaar is vir die mense nie? -- Ek onthou nie dat hy enigiets oor die raadslede gesê het nie.

Beskuldigde nr. 17, waaroor het hy gepraat? -- Ek onthou dat hy oor die VCA in sy toespraak gehandel het. Wat presies hy daaromtrent gesê het, kan ek nie onthou nie. (20)

Hoekom is jou geheue so swak oor daardie aspekte? Die man praat oor die VCA en jy kan dit nie onthou nie? -- Wat ek daar gehoor het is dit wat ek na geluister het terwyl die persoon h toespraak gemaak het en as dit gebeur dat ek nou vergeet het wat ek daar gehoor het, dan het ek net vergeet.

Kan jy niks onthou nie? -- Al wat ek onthou is dit wat ek gesê het, niks meer as dit nie.

Het hy die VCA gepopulariseer en vir die mense gesê dit is h goeie organisasie? -- Ek kan nie onthou nie. (30)

So/...

So, van sy toespraak, behalwe dat hy oor die VCA gepraat het, onthou jy absoluut niks? -- Hy het h toespraak gelewer maar wat ek wel kan onthou is dat hy in sy toespraak oor die VCA gehandel het. Wat hy presies gesê het, is dit wat ek nie kan onthou nie. Ek wil nie myself daarmee bind nie.

So, die enigste persoon wat dan eintlik teen die raadslede op daardie vergadering gepraat het was jyself? -- Dit is wat ek onthou ek gesê het daar.

Kan jy onthou of jy gepraat het oor die uitsetting (10) van mense uit huise uit? -- Die uitsetting van mense uit die huise uit, was nie h geheim nie, dit was aan almal bekend tot vandag toe.

HOF : Die vraag is of u daarvan gepraat het? -- Ek onthou dit nie in my toespraak nie.

MNR. JACOBS : Wat maak dat jy so vinnig vergeet? Want in jou getuienis-in-hoof het jy dit gemeld? -- Nee, ons verstaan mekaar nie. U vraag was indien ek enigiets gesê het oor die mense se probleme aangaande die uitsetting, hoe het ek dit oorgedra aan die gemeenskap. My antwoord is ek het dit (20) nie oorgedra aan die mense nie. Dit wil sê aan die gemeenskap.

Jy sien, ek het vir jou heeltemal h ander vraag gevra. Waar kom jy aan hierdie vraag? -- Nee, maar u sê ek het nou net so gesê en ek het vergeet.

Kan jy onthou of ek vir jou gevra het of jy enigsins oor die uitsetting van mense gepraat het? -- Ja, my antwoord was ek het nie daarvan gepraat nie.

Toe vra ek vir jou maar in jou getuienis-in-hoof het jy dan gesê dat jy het gepraat oor die mense "being pushed(30) around/...

around and evicted"? -- Ja?

So, dit is 'n verskil nou. Stem jy saam? -- Wat was die oorspronklike vraag nou weer toe ek in antwoord gesê het dat ek nie so gesê het nie?

HOF : Die presiese vraag was, het jy gepraat oor die uitsetting van mense uit huise. Jy het toe eers 'n antwoord gegee wat die vraag nie beantwoord het nie. Toe het ek jou weer gevra, toe het jy gesê jy onthou nie. -- Dit is miskien omdat u my al so baie vrae gevra het wat dieselfde punt sommer baiekeer omring het en dat ek nou nie weet watter(10) koers u wil vat met hierdie vrae nie.

MNR. JACOBS : Kan jy onthou dat jy gepraat het van mense wat nie goeie leiers is nie, nie behoorlike leiers is nie? -- Mense wat nie goeie leiers is nie, in watter sin?

Ek weet nie. Ek vra, het jy gepraat van mense wat nie goeie leiers is nie? -- Wat ek gesê het, was daar is persone wie beweer word as leiers en ons kan nie sien waarheen lei die persone se leierskap nie.

Dit is soos jy dit gestel het in jou getuienis-in-hoof ook. Nou wil ek weet wie is hierdie leiers waarna (20) jy verwys het? -- Dit is die raadslede.

In watter opsig is hulle nie leiers nie en dat julle nie kan sien hulle is leiers nie? -- Want hulle het op geen stadium iets gedoen om met die gemeenskap te vergader nie.

So, dit was belangrik vir jou om dit aan die gehoor oor te dra dat daardie raadslede is nie leiers van die mense nie. Dit is soos die gehoor dit moes sien? -- Nee, dit is nie 'n kwessie dat ek nou hierdie gemeenskap daaromtrent onderwys gegee het nie. Dit was die siening van die gemeenskap wat ek dan ook genoem het omdat die gemeenskap dit (30)

so/...

so sien.

Jy het dit tog gaan oordra aan die gemeenskap in die vergadering. Jy het aan hulle vertel dat die mense is nie ware leiers nie? -- Wil u my laat verstaan dat die gemeenskap nie daarvan bewus was nie?

Antwoord net my vraag. Jy het oorgedra aan die gemeenskap dat hierdie mense is nie ware leiers nie. -- Ja, dit is die waarheid, ek het dit gesê.

En jy het dit gesê omdat jy wou gehad het die mense moet saam met jou stem? -- Nee, dit was nie 'n kwessie (10) dat ek hulle vra om saam met my te stem nie. Ek het net genoem wat hulle ook self besef het.

Maar 'n mens noem mos nie iets net sommer doelloos nie? Jy het mos 'n doel daarmee om so 'n boodskap aan die gehoor oor te dra? -- Ja, dit is so.

Wat was jou doel dan gewees dat jy dit so aan die gemeenskap oordra? -- Op 'n vraag is ek gevra of ek verduidelik het wat die probleme is. Na aanleiding daarvan het ek gesê ek het in my siening die toespraak gegee dat die raadslede is nie vir my die leiers wat eintlik die (20) leierskap geneem het nie.

Jy ontwyk my vraag. Ek vra nou vir jou 'n eenvoudige vraag. Jy het nou-nou gesê 'n mens sê nie 'n ding sommer doelloos nie. Nou vra ek vir jou, wat was die doel daarvan dat jy nou hierdie ding aan die gehoor oorgedra het dat hierdie raadslede nie goeie leiers is nie? -- Die doel daarvan was vir die stigting van 'n komitee wat in die gemeenskap se probleme sal moet in sien met die gemeenskap en so 'n opdrag aan die komitee oordra.

Was dit die gedagte dan dat hierdie gemeenskap moet (30)

julle/...

julle sien as ware leiers? -- Nie juis soveel dat ons gesien moet word as ware leiers nie. Die belangrikste was dat ons bymekaar moet kom met die gemeenskap en saam met die gemeenskap die probleme bespreek.

Tog was die idee ook dat julle moet gesien word, afgesien daarvan dat julle dit moet bespreek, as die ware leiers? -- Ek stem nie saam met daardie stelling nie.

Jy sien, ek wil dit net vir jou lees sodat die hele ding reggestel kan word. Dit is in Volume 200 bladsy 10 458. Ek lees van die derde paragraaf "Please tell His Lordship(10) what you said?" Dan kom jou antwoord "In my speech I first thanked the people who attended this meeting and explained to the audience that we are here today to form a Zone 7 committee and further made mention to the audience in my speech that there are people who are supposed to be leaders here and we cannot see their leadership. All we can see is people being pushed around, some being evicted from houses and further said there is not a single day when these leaders called the community together to come and hear what the grievances of the people they are leading are." Hierdie (20) leiers of sogenaamde leiers wat nie leiers is nie, is ook die mense wat verantwoordelik is, volgens jou woorde hier, vir die uitsetting van die mense? -- Dit is so.

So, die boodskap was dan duidelik dat jy het hierso gepraat teen die raadslede en die raadstelsel? -- Ek het gepraat van wat hulle gedoen het in my ondervinding. Ek weet van persone wat uit die huise uitgesit was as gevolg van die optrede van die raadslede.

So, jy het gepraat teen die raadslede en die raadstelsel. Is dit reg? -- Ja, met die verkeerde dinge wat hulle daar (30) gedoen/...

gedoen het.

En jy het hulle eintlik sleg gemaak, hulle is slegte mense, hulle is nie leiers nie, hulle sit sommer mense na willekeur uit? -- Nee, maar die gemeenskap ken dit alreeds. Ek ken dit self.

Maar ek praat nou nie van die gemeenskap nie. Ek praat nou spesifiek van jou. Jy het hulle sleg gemaak as mense wat nie leiers is nie, jy het hulle sleg gemaak direk in hierdie vergadering as mense wat sommer net mense uitsit. -- Nee, dit is nie my siening daarvan nie, dat as ek praat(10) van 'n verkeerde ding wat 'n persoon doen aan ander persone, dat ek van daardie persoon sleg praat nie. As dit werklik so is dat die persoon sulke dinge aanvang wat dan verkeerd beskou kan word, dan is dit die waarheid. Dit is die feite wat daar is.

Dit is nie iemand sleg maak om te sê hulle is nie leiers nie? -- Nee, ek het nie gesê hulle is nie leiers nie. Ek het gesê ons kan nie sien waarheen hulle die gemeenskap lei nie.

En sonder dat jy ondersoek ingestel het of dit werklik(20) nodig was dat party mense uitgesit moes word, kan jy nie ook sommer 'n blote stelling kom maak dat - dit aan hulle toedig dat hulle sit sommer mense uit nie? -- Daar is baie redes wat ons gesien het as 'n ongegronde rede vir 'n persoon om uit die huis gesit te word. Dit wil sê mense word uit die huise uitgesit sonder enige grondige redes.

Het jy ooit gaan ondersoek instel van die Raad se kant af om te kyk of hulle geregverdig is om mense uit te sit omdat hulle nie betaal nie en nie gegaan het en gevra het vir 'n uitstel of vermindering nie? -- Ja, dit was een (30)

van/...

van die redes wat hulle genoem het om uit die huis gesit te word, maar die raadslede self, toe hulle verkies wou word in die Raad, het hulle selfs melding daarvan gemaak en gesê "Julle sien mense word onnodig uit die huise gesit" en hulle was dus verkies in die Raad met die oog daarop dat hulle dit gaan stopsit, maar hulle het self ook nie gestop nie.

Dit is ook nog 'n rede hoekom die raadslede vir julle onaanvaarbaar was? Nog 'n knelpunt? -- Want hulle het nie voldoen aan die dinge wat hulle gesê het nie.

Dan wil ek terugkom na my vraag toe. Jy het hom nog(10) nie geantwoord nie en ek wil hom weer aan jou stel. Het jy persoonlik enige ondersoek gaan instel van die Raad se kant af om te kyk of mense onnodig uitgesit is? -- Ek was nie self na die Raad toe om dit te gaan ondersoek nie, maar daar is mense wat redes bekend gemaak het hoekom hulle uit die huise uitgesit was.

Het jy ooit ondersoek gaan instel om te kyk hoe lank die mense agterstallig al was met hulle huur voordat hulle uitgesit is? -- In sekere aangeleenthede het 'n mens gevind dat dit net 'n maand was wat die persoon nie die huurgeld (20) betaal het nie, dan word die persoon uit die huis gesit.

Ek vra weer vir jou, het jy ondersoek gaan soek om te kyk hoeveel maande mense agterstallig was voordat hulle uitgesit is? -- Ek het ondervinding van persone, maar ek was nog nie by die Raad of die raadslede om dit vas te stel nie.

So, al wat jy gehad het is die kant van mense wat nou teen die Raad praat en ontevrede praat omdat hulle nie hulle verpligtinge nagekom het nie? -- Daar is 'n kaart wat mense hou wat toon watter maande betaal is en watter nie. So, u kan vasstel as gevolg van die aantekeninge op die kaart (30)

hoeveel/...

hoeveel maande die persoon agterstallig is.

U het nou net vir die Hof gesê dat u het dit nie ondersoek nie? -- Nee, nee, nee, u vraag was of ek ooit na die Raad of die raadslid toe gegaan het om ondersoek in te stel. Ek het gesê nee, maar ons sien die verskillende persone.

Selfs die voorbeeld wat jy hier vir die Hof genoem het van die vrou wat na jou toe gekom het wat deur haar man geslaan was, het nie hulle huur betaal gehad nie? -- Sy het net vir 'n maand geskuld, maar sy was van voorneme om twee maande te betaal. (10)

Sy het in elk geval die huis al verlaat? -- Die huis was gesluit in haar afwesigheid.

Is dit nie so dat jy vir ons vertel het toe haar man haar geslaan het het sy die huis verlaat om by haar ouers te gaan bly nie? -- Dit is wat ek sê. Tydens die sluiting van die huis, was sy nie tuis nie. Die rede daarvoor was omdat hierdie man nie in staat was om die huur te betaal nie. Dit was as gevolg daarvan dat hierdie vrou geld gaan kry het om te betaal vir twee maande terwyl die huis net vir 'n maand verskuldig was, waar sy geweier was om te betaal. (20)

Stem jy saam met my, daar is 'n groot verskil van een wat net nie tuis is nie en iemand wat die huis verlaat het? -- Nee, ek stem nie saam nie. Hier is 'n persoon wat nie tuis is nie, maar die persoon se besittings is nog in daardie vertrek en die persoon is vir een of ander rede nie meer daar woonagtig nie, maar die huis word nou gesluit omdat die persoon nie tuis is nie. Die huis word nog beskou as haar huis en sy gaan toe om dit te betaal omdat haar besittings nog in daardie huis was. Sy is geregtig daarop. (30)

Jy/...

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat wat gebeur is dat jy het heeltemal in lyn met UDF se kampanje teen die Swart plaaslike besture jou toespraak hier gerig om die mense op te sweep teen Swart plaaslike besture? -- UDF is baie ver, heelwat ver van die lokasies se gebeurtenisse. Ons het nêrens bymekaar gekom met die UDF waar ons die Swartwoonbuurtes se probleme bespreek het nie.

Is dit so dat VCA en sy komitees het die notules van vergaderings gekry van die UDF?

MR BIZOS : To avoid confusion. Could we just make sure (10) which committee?

COURT : The area committees you mean?

MR BIZOS : I certainly do not want to place myself ... (Court intervenes)

COURT : Alright, I will put the question. Die vraag wat gestel word, is dit so dat die VCA sentraal en/of sy gebiedskomitees die notules gekry het van die UDF vergaderings? -- Nie sover ek onthou nie. By ons komitee het ons nooit so 'n notule, sover ek kan onthou, ontvang nie.

MNR. JACOBS : Is dit reg dat afgevaardigdes van die VCA (20) het vergaderings van die Transvaal streek van UDF bygewoon waar strategie en beplanning gedoen is oor die uitvoering van kampanjes, onder andere die kampanje teen Swart plaaslike besture en ook die "million signature campaign". -- (Tolk deel mnr. Jacobs mee dat die stelling te lank is)

Goed, ek sal dit weer stel. Sal jy saamstem dat die VCA het vergaderings van die Transvaal streek van UDF bygewoon? Dit is die Algemene Raad? -- Ek het so verstaan, ja.

En dat op hierdie Transvaal vergaderings is besprekings gedoen van die verskillende kampanjes, onder andere die (30) kampanje/...

kampanje teen Swart plaaslike besture? -- Ja, ek verstaan dit.

K628

En daardie afgevaardigdes van die VCA na daardie vergaderings het daar kennis opgedoen van die kampanjes wat gevoer word, die strategie daarmee en het ook daarmee teruggekom na die geaffilieerde organisasie VCA om dit uit te voer? -- Dit is nie sover as wat my kennis strek nie, want daar is heelwat baie ander dinge wat gebeur het wat ek van weet waar die gemeenskap nie eers met UDF in aanraking gekom het om dit te doen nie. (10)

Is dit so dat daar is 'n kampanje gevoer teen Swart plaaslike besture in die Vaal, weet u daarvan, teen die verkiesings van 1983 November? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Jy kan dit ook nie betwis nie? -- Ek kan dit nie betwis nie, want ek was nie 'n lid van enige organisasie of komitee destyds nie.

En jy kan ook nie betwis dat daar sprekers gekom het vanaf UDF om mense in die Vaal en die organisasies in die Vaal toe te spreek oor kampanjes van UDF nie, en dat hulle dit moes opneem en in besonder ook oor die kampanje oor Swart plaaslike besture? -- Ek weet nie daarvan nie. (20)

Jy kan dit nie betwis nie? Dit is my vraag? -- Nee, ek weet nie. Ek kan nie sê of dit so bestaan het of nie. Ek kan geen kommentaar daaromtrent lewer nie, behalwe deur te sê ek weet nie.

Jy sien ons het die getuienis al in hierdie hof gehad wat jy ook aangehoor het dat op 9 Oktober 1983 met die stigting van VCA het mense van die UDF daar gekom en gesê hulle moenie deelneem aan die verkiesings van die Swart plaaslike besture nie? -- Ja, ek het so gehoor. (30)

So/...

So, jy kan dit nie betwis nie? -- Ek kan dit nie betwis nie. Ek is nie in staat om oor iets te getuig waarvan ek nie weet nie.

Is dit nie ook so dat daar is heelwat ander UDF en UDF se geaffilieerdes se publikasies soos UDF News, The Eye, SASPO National en ander tipe publikasies, versprei in die Vaal op van die massavergaderings nie? -- Ek sal dit nie betwis nie. Ek weet nie daarvan nie.

Selfs op hierdie vergadering van 19 Februarie 1984 was daar publikasies versprei daar op daardie vergadering?(10) -- Ek het nie ander verspreidings gesien nie. Al wat ek daar gesien het was SASPO.

Is dit SASPO National? -- Ja.

Wie het dit versprei daar? -- Ek weet nie wie het dit daar versprei nie.

In jou tyd wat jy op die gebiedskomitee was van Gebied 7, het UDF nie publikasies van ander organisasies versprei en verkoop en h wins gemaak en h deel vir hulle gehou nie? -- Al wat ek van geweet het was die SASPO en meer as dit was die UDF Newsletters. Wat die ander betref nie. (20)

UDF Newsletters, waar is dit versprei? -- Ek kan nie meer onthou waar ek dit gekry het nie, maar dit was in my besit gevind.

Op daardie vergadering van die 19de, was daar nie UDF Newsletters wat julle daar gekry het nie? -- Nee, daar het ek dit nie gesien nie.

HOF : 19 Februarie 1984? -- Dit is reg.

MNR. JACOBS : Die SASPO wat jy daar op daardie vergadering gekry het, het jy een van hulle gekoop? -- Ek kan nie onthou of ek dit gekoop het nie. (30)

Waar/...

Waar is dit uitgegee daar? Was daar 'n spesiale tafel daarvoor ingerig of waar was dit gewees? Laat ons net duidelikheid kry. -- Ek kan nie meer onthou of dit op 'n tafel was en of dit in besit was van 'n persoon wat dit gedra het of waar dit presies was nie, maar wat ek wel kan sê is, ek het 'n kopie daarvan gekry.

En was dit ook aan die ander mense beskikbaar gestel en uitgedeel of verkoop? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Maar jy weet daar was meer as een want jy het 'n kopie gekry. Daar was meer as een? -- Ek sê nie dat ek dit (10) gekoop het nie. Ek sê ek het dit daar gesien.

Jy het 'n kopie ook gekry het jy gesê? -- Nee.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. U sê u het dit net gesien, u het dit nie gekry nie? -- Dit is wat ek sê.

En het u net een daar gesien of het u meer as een daar gesien? -- Dit was 'n klein klompie van hulle.

MNR. JACOBS : Kan jy onthou wie was in beheer van hulle gewees? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Kan u onthou dat ander mense daar van daardie klein klompie kopieë gaan haal het en gekry het? -- Ek onthou (20) nie dat mense dit gaan kry het nie. Eintlik kan ek nie sê wat daarvan geword het nie.

Ek wil dit aan jou dan stel dat hierdie dokumente, die publikasies wat daarso so versprei was, onder andere SASPO National, UDF Newsletter, daardie dokumente sit ook UDF se beleid, strategie en kampanjes uiteen? -- Nee, dit weet ek nie.

Het jy nooit een van hulle gelees nie? -- Daar is een wat ek al gelees het.

Kan jy onthou watter maand se uitgawe dit is? -- (30)

Nou/...

Nou wat ek hier staan kan ek nie onthou nie.

Dan was daar, wil ek aan jou stel, ander publikasies van UDF beskikbaar gestel daar in die Vaal ook wat hulle beleid, strategie en kampanjes uiteensit? -- Ek weet net van dié waarvan ek alreeds gepraat het. Ek kan nie onthou van die ander waarvan u praat nie.

En wat werklik is, julle het doelbewus UDF kampanjes opgeneem en uitgevoer in die Vaal? -- Byvoorbeeld soos wat nou?

Het jy vir my sê het julle geen UDF kampanjes uitgevoer(10) nie? Opgeneem en uitgevoer nie? -- Ek weet van die "million signature campaign".

Ja, dit is mos 'n UDF kampanje wat deel vorm van die kampanje teen die nuwe konstitusie en Koornhof Wette? -- Teen die nuwe konstitusie? Hoe sê u dit nou?

Ek sê dit is een van UDF se kampanjes teen die nuwe konstitusie en die Koornhof Wette? -- Nee, ek verstaan dit teen die apartheid. Dit is wat ek verstaan.

Die nuwe konstitusie. Het jy daardie vorm gelees? Jy het mos die kampanje gevoer? -- Ek het na die goed gekyk.(20) Eintlik het ek dit gelees.

Het jy dit verstaan, die Engels? -- Ja.

En meld dit nie daar dit is 'n kampanje teen die nuwe konstitusie drie-kamer parlement en Koornhof Wette nie? -- Dit is reg.

En ook in die vergaderings wat jy bygewoon het self as 'n afgevaardigde van VCA op die Transvaal streek van UDF lateraan het jy ook kennis opgedoen dat hierdie kampanjes is UDF kampanjes wat gevoer word deur die geaffilieerdes? National Campaigns? -- Nee, maar ek het dit nie bygewoon(30)

as/...

as 'n afgevaardigde van enige komitee nie.

Maar dit wat jy bygewoon het, het jy agtergekom en daar is bespreek dat dit nasionale kampanjes is waar UDF dit beheer en die geaffilieerdes dit uitvoer? -- Ja, dit het ek gehoor.

So, u is nie heeltemal openlik met die Hof as u so wil voorgee dat u het so min geweet van die UDF en UDF se kampanjes nie? -- Ek sal nie sê dat ek iets weet van die UDF terwyl ek niks weet nie. Ek het net te doene gehad, my betrokkenheid was met hierdie twee organisasies waarvan ek reeds gepraat het. (10)

HOF : Watter twee organisasies? -- Verskoon my, ek praat nie van organisasies nie, ek praat van die twee vergaderings van die UDF wat ek bygewoon het. Dit is al betrokkenheid van my waarvan ek kan praat.

MNR. JACOBS : Maar jou betrokkenheid is tog dat jy het deelgeneem aan die uitvoering van die "million signature campaign"? Is dit so, ja of nee? -- Ek sal dit ontken want ek het nie na die vergadering van UDF toe gegaan met die oog daarop om te gaan luister na die "million signature campaign" nie. (20)

So, jy het niks te doen gehad met die uitvoering van daardie kampanje in die Vaal nie? -- Ek het dit gedoen.

Nou ja, dan was jy mos betrokke met die uitvoering van UDF se "one Million signature" kampanje? -- Ja, maar dit is voor ek die vergadering van 14 Julie bygewoon het by die UDF.

So, dit is 'n derde aspek, behalwe die twee vergaderings wat jy bygewoon het, is dit nou 'n derde aspek waar jy wel te doen gehad het met die uitvoering van UDF se strategie en beplanning? -- Soos wat? (30)

Die/...

Die "one million signature" kampanje wat jy help uitvoer het?

MR BIZOS : The question was strategy and planning. What part did the witness take in strategy and planning and this is what the witness wants to know.

HOF : Ek het ook gesit en wonder oor die blote bywoon van h vergadering, of dit deel is van die uitvoeringshandeling. U sê vir hom daar is nou drie dinge. Jy het drie vergaderings bygewoon en die "million signature campaign" help bevorder en daarom in al drie die opsigte het jy deel geword aan die (10) strategie en beplanning. Dit lyk asof dit h taamlike spring is.

MNR. JACOBS : Wat ek bedoel het, toe ek vir hom gesê het ek het nou vir hom h hele klomp voorbeelde genoem, het hy gesê hy het net twee vergaderings bygewoon. Dit het ek genoem as die twee, insidente waar hy met UDF te doen gehad het. Wat die derde een sal wees is die uitvoering van die UDF "one million signature" kampanje, dat hy het daar ook direk te doen gehad met h projek geïnisieer deur UDF self.

HOF : Laat ons dan nou nie praat van strategie en al hierdie (20) dinge nie. Sê dat hy h UDF projek aangepak het.

MNR. JACOBS : Ek sal dit so stel. -- Ja, van die "million signature campaign". Ek erken dit.

HOF : Ek het nie duidelikheid nie. Kan u vir my h datum gee wanneer het u deel gehad aan die "million signature campaign" in die Vaal? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, want ons het die vergadering op 5 Julie gehad, dan was dit die Saterdag, die 7de.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie, h ander projek van UDF waarmee jy te doen gehad het en waar jy teenwoordig was, (30)

was/...

was die Daleside kursus? -- Wat is die deelname daar?

Ek verstaan die stelling, maar wat is die deelname daar?

Het jy deelgeneem daaraan om ingelig te word oor Swart plaaslike besture? Het jy deelgeneem? -- O, nou verstaan ek waarvan u praat, al weet ek nie daarvan nie.

HOF : Stel die vraag. Die getuie weet waarvan u praat.

MNR. JACOBS : Ek stel 'n ander projek van UDF waaraan jy deelgeneem het is die Daleside kursus? -- Ja, ek hoor dit.

Ek wil teruggaan na daardie vergadering van 19 Februarie 1984. Is dit korrek dat hierdie komitee wat daar gekies (10) was, het bestaan hoofsaaklik uit die persone wat hierdie vergadering beplan het en wat die hele ding gedoen het. Is dit reg? -- Ja, dit is so, maar daar is wel ander mense ook wat op die komitee verkies was.

Maar hoofsaaklik uit hierdie mense wat van die begin af alles georganiseer het? -- Ek het nie goeie kennis daarvan opgedoen dat dit hoofsaaklik die persone was wat vroeër die voorbereidings gedoen het vir hierdie vergadering nie.

HOF : Wie is die nuwe mense wat u aan kan dink? -- Matlakalo Moeng, Elizabeth Namane, Moloi, Kitchner Radebe, Samson (20) Mlambo. Die ander persone se name het ek vergeet.

MNR. JACOBS : Hierdie Namane, was sy nie by die vorige vergaderings gewees nie? -- Ek kan nie onthou nie, nee.

Is dit nou al die vergaderings by Edith se huis voordat hierdie komitee tot stand gekom het op 19 Februarie? -- Ja, dit is so.

En hierdie Matlakalo Moeng, het hy van die vorige vergaderings bygewoon? -- Nee, dit is nie so nie.

En Moloi? -- Ek kan nie meer so goed onthou of hierdie persoon teenwoordig was of nie en of dit nou met hierdie (30)

verkiesing/...

verkiesing dit die eerste keer was wat hierdie persoon bygekom het nie.

En Radebe? -- Dit is h nuwe persoon.

Hy het nooit van die vorige vergaderings bygewoon nie?

-- Nee.

En Samson Mlambo? -- Ek het hom ook nie geken nie.

Hy het nie van die vorige vergaderings bygewoon nie?

-- Ek kan nie onthou nie.

Jy sien, hoekom ek dit vra, jy kan nie onthou nie, maar jy kom en sê vir die Hof dat hierdie is nuwe mense wat nou(10) vir die eerste keer by kom? -- Dit is die persone wat op 19 Februarie verkies was.

Ja, dit is nie my vraag nie. Die vraag van die Hof aan jou was gewees wie was die mense wat nou vir die eerste keer bygekom het wat op 19 Februarie verkies was. Nou kom jy en jy sê vir die Hof dit is hierdie mense as jy nie eers kan onthou nie? -- Ek kan nie onthou dat die persone teenwoordig was nie. Dit is mense wat verkies was die dag van die vergadering toe die komitee van Gebied 7 daar verkies was, maar ek kan nie met sekerheid sê dat hulle by was met die voor-(20) bereidings van hierdie vergadering nie.

So, jy kan nie vir die Hof sê wie is nuwe mense wat vir die eerste maal gekies was op die 12de en wat niks voorheen te doen gehad het met die Gebied 7 se aktiwiteite nie? -- Die genoemde persone deur my nou was nie by gewees met die voorbereidings vir die vergadering wat gehou was waar daar later verkiesings was vir die Zone 7 gebiedskomitee nie.

Van die mense wat die vergaderings, laat ek dit weer herhaal vir jou, wat in Edith se huis gehou was bygewoon (30)

het/...

het, die mense wat altyd daar vergader het, is daar enige van hierdie mense wat jy nou genoem het wat nie daardie vergaderings bygewoon het nie? -- Die persone het nie die vergaderings bygewoon by Edith nie.

Nou is jy seker en jy sê dit is so? -- Want ek het hierdie persone vir die eerste keer leer ken die dag van die verkiesings op die 19de.

Antwoord nou my vraag, dan kan ons aangaan, dat ons klaar kry. Nou is jy seker dat hierdie mense was nie by enige vorige vergaderings nie? -- Soos ek alreeds gesê het, (10) dit is so.

Die komitee wat gekies het, het hy ook weer bestaan uit twaalf lede? -- Nee, hulle was meer as twaalf.

Hoe groot was die komitee? Uit hoeveel lede het hy bestaan? -- Vyftien plus.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K629

TSIETSI DAVID MPHUTHI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mphuthi, ek het die indruk gekry toe jy getuienis gegee het oor (20) die Daleside kursus dat jy dit somer so ligtelik stel as net "civics", soos jy dit genoem het, wat h kursus gehou het. Is dit reg of verkeerd? -- Toe ek dit te hore gekom het, het ek verstaan dat dit h vergadering was vir die "civics".

Jy het nooit vir ons gesê wie het dit aangebied nie, in jou getuienis-in-hoof? -- Wat my kennis betref is Masondo die persoon wat ons daar ontvang het met ons aankoms. Ek sal net nie weet wat toe later gebeur het na daardie geval nie.

Is dit so dat dit was aangebied deur UDF se (30)

opvoedkundige/...

opvoedkundige, Education Committee, Opvoedkundige Komitee?

-- Ek sal dit nie so kan stel nie, want die persoon van wie ek praat, Amos Masondo, is h persoon wat aan die "civic" behoort.

HOF : Watter "civic"? -- Soweto Civic.

MNR. JACOBS : In die notule van die algemene raad se vergadering van 14 April 1984, dit is van UDF se algemene raadsvergadering, BEWYSSTUK P1, onder - rapporteer die sekretariaat van UDF op bladsy 2, onder aan die bladsy die laaste twee sinnetjies of twee reëltjies "UDF Training (10) Committee planning a workshop for civic associations on 27 to 29 April 1984 at Daleside." -- Ek sien dit.

So, dit was op hoë vlak gereël deur UDF, die kursus? -- Nee, dit sal ek nie weet nie.

En wat meer is, ek wil dit aan jou stel dat hierdie Daleside se kursus is aangebied. Eintlik was dit op spesiale versoek van VCA? -- Verstaan ek u reg dat u bedoel dat op versoek van die VCA is daar hierdie kursus gehou? --

Ja, die versoek wat VCA gerig het aan UDF? -- Nee, dit is iets nuuts vir my. (20)

Ek wil hê jy moet kyk na BEWYSSTUK AB2. Ek sal vir jou voorlees wat hier staan. Dit is verslag, ek wil dit net identifiseer "Report from UDF Transvaal Education Committee to the UDF Transvaal Executive." Dan lees ek hierdie paragraaf vir jou "We decided to start with an event for people from the civics as a request had already been made by one civic in the Vaal area and various others had expressed a need of some sort. We set a date for the end of March which eventually had to be postponed for a month because invitations were not done properly. The (30) seminar/...

seminar then took place over the weekend of 27, 28, 29 of April and was a great success. See the attached report." Hier word dit duidelik gestel dat die Vaal area het aansoek gedoen "one of the civics in the Vaal area" het aansoek gedoen vir hierdie tipe kursus. -- Ja, ek hoor dit, maar ek dra geen kennis dat die "civic" so 'n versoek gerig het nie.

En ek wil dit aan jou stel dan dat hierdie kursus by Daleside was van besondere belang vir VCA gewees? -- Ek weet nie. Ek hoor nou wat u daarvan praat. Ek dra geen (10) kennis daarvan nie.

En dat hulle sou spesifieke afgevaardigdes soos jy netnou per abuis dan uitgelaat het dat jy 'n afgevaardigde was, gekies het vir daardie geleentheid te Daleside? -- U is reg as u sê ek was nie 'n afgevaardigde nie, want ek het gedurende die week gehoor dat daar 'n vergadering gaan wees die Vrydag.

Nee, dit is net andersom. Ek sê juis jy was 'n afgevaardigde. Jy was spesifiek gekies as 'n afgevaardigde. -- Deur wie afgevaardig?

Deur VCA? -- Dit is nie die waarheid nie. (20)

Wie was die afgevaardigdes van VCA na Daleside toe? -- Ek het vroeg in die week verneem dat daar 'n vergadering gaan wees te Daleside. Dit is toe ek dit te hore gekom het. Later, die tweede persoon van wie ek verneem het van hierdie vergadering was Esau. Hy is nou die persoon wat aan my gesê het daar gaan 'n seminar wees van die "civics" te Daleside. Volgens my geheue was dit 'n Donderdag gewees toe hy vir my daarvan gesê het, want ek onthou dat ek aan hom gesê het ek sal sien, dit wil sê ek sou gesien het Vrydag, wat die volgende dag was. (30)

My/...

My vraag is wie was die afgevaardigdes van VCA wat na Daleside gegaan het op daardie datums? -- Ek weet regtig nie.

Toe jy by Daleside aangekom het, het jy h bywoningsregister gaan invul en geteken? -- Dit is so.

As jy nie h afgevaardigde was vanaf die Vaal nie, hoekom het jy dit gaan invul en geteken? -- Ek verstaan nou nie as u dit so stel dat ek ingevul het en geteken het nie, want al die mense daar wat teenwoordig was, het geskryf en toe geteken. (10)

Dus die verteenwoordigers van die organisasies het ingevul en geteken? -- Nee, al wat daar geskryf was, was net om jou naam te teken. Dit is al. Ek verstaan nie hoe om in te vul nie.

Ek stel dit aan jou dit is die verteenwoordigers van die organisasies wat daardie register geteken het en nie net blote besoekers nie? -- Nee, nou verstaan ek op daardie manier. Ja, ons het geteken.

As verteenwoordigers van VCA? -- Ek het nie geweet dat ek daar teken omdat ek VCA verteenwoordig nie. (20)

Het julle R2,00 betaal as h registrasiefooi om namens VCA daar te wees? -- Ek kan nie onthou dat ek geld daar te voorskyn gebring het om te betaal nie.

Het Esau dit betaal? -- Miskien het hy, maar ek kan nie onthou dat ek geld daar te voorskyn gebring het om daarmee te betaal of iemand van my geld gevra het om te betaal nie.

Het julle daar na Daleside toe gery met h Kombi? -- Ons het met Raditsela se voertuig gery.

Het julle met h Kombi gery? -- Nee.

Was daar net die drie van julle wat gery het, jy, (30)

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 17 en Esau? -- Ek self, Matlakala Moeng, Edith, Sam Matlole en Raditsela.

Was julle vyf gewees wat gegaan het? -- Ja.

Jy sien, in jou getuienis-in-hoof het jy dit ook nie vir ons gesê nie. Jy het gepraat dat Esau het vir beskuldigde nr. 17 opgelaai, toe het hy na jou toe gekom en jou opgelaai en toe het julle gery? -- Ja, dit is so.

Nou wanneer is hierdie ander twee opgelaai dan? -- Toe hy daar gekom het was die ander twee alreeds op die voertuig. Hy het eers na Matlole se huis toe gegaan, waar hy hom (10) opgelaai het in dieselfde straat waar ek woon en toe vir my opgetel.

HOF : Die ander was in die voertuig gewees? -- Ja, ek het hulle in die voertuig gevind.

MNR. JACOBS : In hierdie voertuig, het julle daar 'n kasset-speler gehad? -- Ek weet nie of die voertuig dit gehad het nie, maar ons het dit nie gespeel nie.

Ek wil dit aan jou stel dat julle het gery in die voertuig en toe het julle 'n kasset gespeel met 'n opname van Radio Freedom en waar julle die vryheidsliedjies wat (20) daar oorgekom het geleer en gesing het? -- Dit is heeltemal iets nuuts waarvan ek hoor. Daar bestaan nie so iets nie.

Hierdie uitnodiging - daar is 'n uitnodiging gestuur vanaf UDF onder die naam van Moss Chikane, beskuldigde nr. 21, vir julle om hierdie kursus te gaan bywoon te Daleside. Weet jy daarvan? -- Miskien het Raditsela dit ontvang, maar ek het van Raditsela verneem.

Ek wil hê jy moet kyk na BEWYSSTUK U4(a). Hierdie is 'n uitnodiging as jy daarna kyk. "The Education Committee of the UDF would like to extend an invitation to your (30) organisation/...

organisation to attend an education workshop on the weekend of 27, 28, 29 April 1984 at St John Boscoe Conference Centre in Daleside." -- Ek sien dit.

Dit is 'n uitnodiging wat ook aan julle gerig was? -- Ek dra geen kennis daarvan dat dit ooit by ons uitgekom het nie.

Dan sê hulle ook wat die doel - spesifiek die doel van hierdie kursus was. "The aim of the workshop is to evaluate the anti-community council campaign and to look at the road ahead for civic organisation in the continuing (10) struggle against the local authorities." Stem jy saam? Dit staan daar? -- Ek sien dit, ja.

En verder "Your organisation will be permitted three representatives from your executive committee and four community activists. The cost for attending the workshop will be R2,00 payable at the time of registration. Please ensure that your organisation participates in the workshop in order to make it a meaningful event." -- Ja, ek sien dit.

Dan is daar onder aan "PS. A copy of the program is enclosed." As jy omdraai na die volgende bladsy toe dan (20) sien jy wat is die "program", "UDF Executive Committee Education program for civics." Dan word daar 'n hele uiteensetting gegee. -- Ja, ek sien dit.

My submitisie aan jou is dat julle het hierdie uitnodiging gekry en dit is daarom dat julle na hierdie kursus toe gegaan het? -- Ja, maar ek weet nie van die ontvangs van hierdie uitnodiging nie.

Ek stel dit aan jou jy het geweet van hom en jy het gegaan as 'n afgevaardigde van VCA? -- As u dit so stel aan my, beteken dit dat u my nou verbind met hierdie voorval.(30)

Ja/...

Ja? -- Ek ontken dit, want ek was nooit afgevaardig om VCA te gaan verteenwoordig te Daleside nie.

Ek wil hê jy moet op hierdie antwoord van jou net kyk na U4(c). Dit is h naamlys. Is dit reg? Die naam van die persoon, die "civic organisation" en "address". Die tweede laaste naam van onder af, is dit jou handtekening daardie onder die naam? -- Ja, dit is so.

In die kolom net daar langs "Civic organisation", is dit jou handskrif wat daar skryf "Vaal Civic Association"? -- Ja, dit is my handskrif. (10)

En die derde kolom die adres, dit is 11956 Sebokeng, is dit jou handskrif ook? -- Ja, dit is so.

Hoekom het jy dan nie hier geskryf net h besoeker nie? Hoekom skryf jy hier dat jy daar is van die Vaal Civic Association? -- h Besoeker van waar af?

Sommer net h besoeker, want jy het mos nie die Vaal Civic Association verteenwoordig nie, volgens jou woorde nou? -- U moet verstaan ek sê ek het die "civics" se vergadering daar bygewoon, nie dat ek daar was as h afgevaardigde, want ek was deur niemand afgevaardig om teenwoordig te wees (20) daar nie.

Jy antwoord nie die vraag nie. Kom ek vra jou dan eenvoudiger. Hoekom het jy nie daar geskryf van die organisasie waaraan jy behoort, dat jy gesê het "Gebied 7 Area-komitee" nie? -- Dit was nie nodig gewees nie. Dit was die "civics" se doen en late wat gedoen was en hier is ek in die geselskap van h lid van Vaal Civic Association. So, dit was nie vir my nodig gewees nie .

Maar dit antwoord nie my vraag nie. Jy sê mos vir die Hof jy was nie daar h verteenwoordiger van die Vaal Civic Association/... (30)

Association nie. Hoekom skryf jy dan agter jou naam dat jy is van die Vaal Civic Association? -- Ek moes dit so geskryf het, want ek is 'n lid van die "civic".

Is jy nou 'n lid van die Vaal Civic Association? -- Die komitee van ons waar ek dien behoort aan Vaal Civic.

En wat meer is, ek wil dit aan jou stel dat jy het daardie hele vergadering, tot die Sondag toe, het jy daar gebly? -- Nee, dit is een ding waarvan ek nie weet nie.

Jy sien, want nou kom jy met 'n storie hier jy het Saterdag weggegaan, maar dit bots heeltemal met wat UDF se (10) mense self sê. -- As hulle wat sê?

Ek sal vir jou lees daar. Kyk op BEWYSSTUK U4(b). Die is 'n verslag "UDF Education Committee, Education Program for civics 27, 28, 29 April" dit is die opskrif. "Venue Daleside. St John Boscoe College" en dan "Report." Dan sê hulle hierso dat die deelnemers "participants. There were 35 participants at the workshop and another 10 came and went" en dan word dit gespesifiseer en ingeskryf "18 Soweto + 2, East Rand" dit maak dit 20 "2 Alex", dit is 22, "3 Pretoria", dit is 25 plus 5 van die Vaal deelnemers, (20) dit maak dit 30 plus 5 van die "Executive Education Committee." Dit is 35. Dit gee vir ons die 35 deelnemers. -- Ek verstaan wat die stelling is, maar ek hou vol dat ek en Matlole het nie daar teenwoordig gebly tot die einde nie.

En hulle sê spesifiek hier daar was 5 verteenwoordigers gewees van die Vaal en jy stem saam julle was net vyf wat gery het soontoe. -- Dit is so.

Dan spesifiseer hulle spesifiek ook dat daar is mense wat gekom en gegaan het. Dit was 10 mense gewees, wat heeltemal afgesonder word deur UDF se komitee van die mense (30)

wat/...

wat deelnemers was. -- Ja, ek hoor dit.

So, jy het die hele tyd daar gebly, jy het nie weggegaan nie en nr. 17 het ook nie weggegaan nie? -- Wat ek sê wat daar gebeur het is dat ons het daar teenwoordig gebly vanaf Vrydag en toe weggegaan die Saterdag.

Hoekom het jy nie Vrydag al teruggegaan nie? -- Ons kon nie die Vrydag al teruggegaan het sonder om te weet wat gebeur nie.

Wat wou jy weet wat gebeur? -- Ons het gedink die seminaar sal voortgaan vir die hele naweek, want ons het (10) verneem die seminaar word vir die naweek gehou.

Ja, dit het jy geweet, maar wat wou jy weet wat gebeur? Jy ontwyk my vraag? -- Aangaande die "civics" as gevolg waarvan ons daar teenwoordig was.

Wat wou jy weet aangaande die "civics"? -- Met my aankoms daar het ek nie geweet nie, maar ek wou daardie nag gesien het wat gebeur met die "civics", dit is die nag wat ek daar deurgebring het.

Wat wou jy die nag sien wat gebeur met die "civics"? Antwoord my vraag? Ek verstaan nie daardie antwoord van (20) jou nie? -- Dit lyk vir my ook dat ons mekaar nie verstaan nie, want die rede hoekom ons daarheen gegaan het, was omdat ons nie geweet het wat daar gaan gebeur nie. Dus was ons nuuskierig om te weet wat gaan gebeur.

Wat wou jy spesifiek geweet het omtrent die "civics"? -- Wat is die doen en late van die "civics".

Wat hulle doelstellings is? Waarteen hulle organiseer? Is dit wat jy wou uitvind? -- Miskien sou ek dit ook gehoor het aangesien ek daar teenwoordig was om te hoor wat gebeur.

Maar julle het mos h kennisgewing gekry? Esau het (30)

dit/...

dit gehad. Julle het mos die program gehad? -- Ons het die goed die volgende môre gekry, want toe ons daar die Vrydagaand aangekom het, was ons met 'n aandete bedien en na dit is ons toe in die saal in waar mnr. Masondo ons verwelkom het en toe verder verduidelik het wat die program is. Ons het toe die nag daar deurgebring tot die volgende môre.

Hy het nou vir julle verduidelik wat die program is. Wat het hy verduidelik is die program? Waaroor gaan dit? -- Wat hy gesê het is dat hy ons geluk wens. Na dit het ons (10) toe na die verskillende vertrekke toe gegaan om die nag daar deur te bring.

So, dit was baie kort gewees. Hy het net gesê hy wens julle gelyk en toe gaan julle kamers toe? -- Na hy dit gesê het en iets gesê het oor die vergadering daar in ons teenwoordigheid en ons verwelkom het, het hy toe gesê dat hy ons goeie geluk wens, dat ons goed moet vorder die naweek wat ons daar gaan deurbring.

Baie kort? -- Ja, al kan dit korter as dit wees. Dit is hoe ek dit onthou wat hy gesê het. (20)

Toe is julle nou kamers toe. Ek neem aan dit was seker nog baie vroeg in die aand, seker 21h00? -- Dit kan wees dat dit om en by 21h00 of na 21h00 gewees het. Ek kan nie meer presies onthou nie.

Julle was maar 20 kilometers van die huis af gewees. Hoekom het jy nie huis toe gegaan nie? Vir Esau gevra om julle huis toe te vat nie, julle is baie na aan die huis? -- Ons sou nie daardie moeite vir hom gemaak het dat hy ons moet terugvat en terugkeer nie. Ons het maar aanvaar dat ons die volgende môre sal terugkeer na ons tuiste toe. (30)

Jy/...

Jy het nou-nou vir die Hof vertel wat mnr. Masondo het die program uiteengesit. Wat se program het hy uiteengesit? Ek sukkel nog altyd om dit uit jou uit te kry? -- Hy het nie spesifiek op die program ingegaan in sy toespraak nie. Hy het ons net daar verwelkom en toe vir ons gesê dat hy wens ons 'n goeie naweek wat ons daar gaan deurbring.

So, jy het nou-nou 'n fout gemaak toe jy gesê het hy het die program uiteengesit? -- Nee, hy het melding gemaak van ons byeenkoms daar en ons geluk gewens, goeie geluk.

Miskien sal ons vinniger kan gaan as ek by jou kan (10) uitvind wat is 'n program? Wat bedoel jy met program? Jy het die woord gebruik program. Wat is 'n program? -- 'n Program is iets wat opgestel word vir 'n sekere doel, byvoorbeeld as daar werk gedoen moet word, wat die orde is wat gevolg moet word. Dit is 'n program.

HOF : Het hy die program aan julle verduidelik? -- Hy het ons eers daar verwelkom en gesê dat hy baie dankbaar is. Ons het toe mekaar daar voorgestel en toe gesê hy wens ons geluk vir die naweek. Ons hoop om saam te werk op 'n goeie manier. (20)

Het hy nie die program verduidelik nie? -- Nee.

MNR. JACOBS : Het hy verduidelik aan julle daar waaroor hierdie hele byeenkoms gaan? Wat die doel is? Waaroor dit is? -- Nee, hy het nie van sulke dinge gepraat nie.

Jy sien, ek wil vir jou jou getuienis-in-hoof lees. Volume 200 bladsy 10 466. Ek sal jou hele antwoord op mnr. Bizos se vraag vir jou lees. "Did you have to announce your presence in any way there and where you came from?" Dan is die volgende jou antwoord "Yes, after having had the meals for supper, we gathered in the hall where the (30)

seminar/...

seminar was to be held. A Mr Masondo made some opening remarks in which it was said that he was wishing us all the best during the weekend." Dan die volgende wat belangrik is "He further explained this gathering as to what it is about." -- Ja, hy het verduidelik dit is die "civics" se vergadering. Dit is al.

Wat het hy verduidelik omtrent die "civics" se vergadering? -- Wat ek onthou is dat hy gesê het ons sal daar 'n seminaar hou vir die naweek en hy wens ons goeie geluk vir die naweek wat ons daar gaan deurbbring. (10)

So, hy het nooit "explained this gathering as to what it is about" nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan jy vir ons sê, by wie het jy gehoor dat julle sal vir die naweek daar moet bly? -- Van Masondo het ek dit verneem.

Het julle dit nie eers verneem by die ete nie? Is dit nie bespreek daar by die ete tussen die afgevaardigdes nie? -- Nee.

Hierdie Daleside, is dit naby Meyerton? -- Ek aanvaar dit as 'n distrik van Meyerton. (20)

Is dit naby die stasie? -- Nee, dit is ver.

En daar loop gedurig treine tussen Johannesburg oor Meyerton na Vereeniging toe wat jy kon gehaal het. Is dit reg? -- Nie van Johannesburg af nie, maar van Germiston oor Meyerton is daar.

Jy sê daardie aand - ek wil dit aan jou stel jy is nog verkeerd met die gebeure van Vrydagaand. Dat na ete het julle julle eerste sessie gehou van die kursus? -- Dit is nie die waarheid nie.

Wel, dit is wat UDF se mense skryf? -- Nee. (30)

Die/...

Die program sê "Arrival and supper." Dit is 20h00.  
21h00 "Introduction to weekend and getting to know each  
other session." Dit is op BEWYSSTUK U4(a).

HOF : Wat is n "get to know session"?

MNR. JACOBS : Waar hulle hulle verskillende organisasies  
aan mekaar voorgestel het.

HOF : Maar is dit nie bloot waar hulle saam n koppie tee  
drink nie of iets sterkers?

MNR. JACOBS : "Introducing our civics", U4(b). Blykbaar  
is dit die eerste sessie wat dan gehou is die aand (10)  
daarso. "Getting to know each other session". "Session one:  
Introducing our civics. Aim: to get participants to  
introduce their civics so that they could know a bit  
about each civic." Het dit gebeur?

HOF : Nee, maar "session one" op die program is op Saterdag-  
oggend om 09h00. "Introducing our civic organisations."  
Is dit nie die eerste sessie nie?

MNR. JACOBS : Ek sien nie dat hulle dit hier noem nie.

HOF : Die tweede een is "Evaluation of anti-community  
council campaign. Session two" en dit is om 10h30." "Get(20)  
to know is blykbaar net n geselligheid. U moet n bietjie  
spoed aansit dat ons klaarkry met hierdie "get to know".  
U moet uiteindelik by die punt uitkom.

MNR. JACOBS : So, ek stel dit aan jou, as jy wou weggegaan  
het, het jy die aand van Vrydagaand genoeg tyd gehad en  
daar was ook geleenthede en daar was ook moontlikhede dat  
jy kon teruggegaan het en dat jy sê jy het nie die naweek  
daar gebly nie, is net n storie. -- Wat is dit wat ek probeer  
om te verberg deur te sê dat ek nie die naweek daar was nie?

Ek wonder ook hoekom jy dit so wegsteek dat jy die (30)  
naweek/...

naweek daar gebly het? -- Ja, maar ek kan nie sê dat ek die hele naweek se dae daar gebly het welwetend dat ek die Saterdag weggegaan het nie.

Die doel van hierdie kursus was gewees om die "anti-community council" kampanje te evalueer. Is dit reg? -- Nee, ek was al weg, ek weet nie, want ek is onmiddellik weg na 10h00 se tee.

Is dit die rede hoekom jy nie kan onthou of vir die Hof wil sê dat jy daar gebly het nie omdat jy nie 'n antwoord wil gee van wat op hierdie kursus plaasgevind het nie? (10)  
-- O, nou sien ek, u wou my daardie ding gevra het. Toeval-  
lig het ons dit nie gedoen nie. Ek was nie by nie.

Ek stel dit aan jou die doel was om die "anti-community council" te evalueer en in die lig van daardie evaluasie te beplan vir toekomstige optrede deur die "civics" te noem en die "struggle" teen plaaslike besture? -- Ja, ek luister.

Stem jy saam? -- Ek sien dit so geskryf, ja.

HOF : Het hulle nie vir elke deelnemer daar 'n program gegee toe julle begin het die oggend nie? -- Nee, wat gebeur het (20) was, met die begin van elke sessie, het hulle jou daar voorsien van daardie program wat betrekking het op daardie sessie.

MNR. JACOBS : Wat is die "struggle" waarvoor beplan word, die optrede van "civics" in die "struggle"? Weet jy? -- "Struggle" met betrekking tot die "civics"?

Ja waarna verwys word in U4(a)? "In the continuing struggle against the local authorities"? -- Nee, dit weet ek nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 9 APRIL 1987.